

'N MODEL VIR 'N TAAKKOSTESTELSEL IN 'N WERKSWINKELOM=
GEWING IN DIE GOUDMYNBEDRYF TE VAAL REEFS

DEUR

CHRISTOFFEL JACOBUS PRETORIUS B.COM, HBA

Skripsie aangebied ter gedeeltelike voldoening aan die
vereistes vir die graad

MAGISTER IN BEDRYFSADMINISTRASIE

in die

FAKULTEIT VAN EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

STUDIELEIR: PROF. J G KOTZÉ

DANKBETUIGING

Alle eer en lof kom my Skepper en God toe wat met Sy genade die nodige insig en wysheid verleen het om die studie te voltooi.

Graag bedank ek my eggenote, Susie, wat met toegewyde liefde my aangespoor het, onbaatsugtig en onselfsugtig, om die werk aan te pak en te voltooi.

My hartlike dank aan my studieleier, Prof. Kotzé, wat met die nodige raad en leiding asook aanmoediging my aangespoor het om die projek met lus en ywer aan te pak.

Graag bedank ek my werkgewer "Vaal Reefs Exploration and Mining Company Limited" vir die belanstelling en die beskikbaarstelling van vertroulike inligting

INHOUDSOPGAWE

BLADSY

HOOFSTUK 1 :

1

DIE AARD EN OMVANG VAN DIE STUDIE

1.1 INLEIDING

1

1.2 PROBLEEMSTELLING

2

1.2.1 Bestuur

3

1.2.2 Wetgewing

3

1.2.3 Ekonomiese Omstandighede

3

1.3 DOEL VAN DIE STUDIE

4

1.4 VERWYSINGSRAAMWERK

4

1.4.1 Gekose Goudmyn

5

1.4.2 Omvang van die Studie

5

1.5 STUDIE METODE

6

1.6 BEPERKINGS OP DIE STUDIE

7

1.7 BEGRIPSOMSKRYWING

7

1.8 SLOT

7

<u>HOOFSTUK 2 :</u>	8
<u>KOUSALE FAKTORE ONDERLIGGEND AAN DIE STUDIE</u>	
2.1 <u>INLEIDING</u>	8
2.2 <u>FAKTORE TOT DIE STUDIE</u>	8
2.2.1 Eksterne Faktore	9
2.2.2 Interne Faktore	11
2.3 <u>MAATSKAPPY PROFIEL</u>	14
2.4 <u>SLOT</u>	16
<u>HOOFSTUK 3 :</u>	17
<u>TEORETIESE NAVORSING</u>	
3.1 <u>INLEIDING</u>	17
3.2 <u>MASJIENERIE EN TOERUSTING</u>	18
3.3 <u>DOKUMENTASIE</u>	19
3.3.1 Doel	19
3.3.2 Werksbestelling	20
3.3.3 Rekwisisie	22
3.3.4 Opsionele Koste Advies	24
3.3.5 Arbeidskaart	25
3.3.6 Bokostestaat	27
3.4 <u>STANDAARD TARIWE EN KOERSE</u>	28
3.4.1 Inleiding	28
3.4.2 Hoeveelheidstandaarde	28
3.4.2.1 Materiaalhoeveelhede	28
3.4.2.2 Arbeidsure	29

3.4.3	Prysstandaarde	30
3.4.3.1	Materiaalprys	30
3.4.3.2	Arbeidskoers	30
3.4.4	Bokostetarief	31
3.4.4.1	Arbeidsuurbasis	32
3.4.4.2	Produkeenheidbasis	32
3.5	<u>REKENINGKUNDIGE INSKRYWINGS</u>	33
3.5.1	Werksbestelling	33
3.5.2	Materiaalverbruik	33
3.5.3	Opsionele Koste	34
3.5.4	Arbeidskoste	34
3.5.5	Bokoste	34
3.5.6	Finale Inskrywing	35
3.6	<u>VERSLAE</u>	35
3.7	<u>SAMEVATTING</u>	36
3.7.1	Doelwitte	36
3.7.2	Vereistes om doelwitte te bereik	37
3.7.3	Die Ideaal	38
3.8	<u>SLOT</u>	39
	<u>HOOFSTUK 4 :</u>	40
	<u>TAAKOSTESTELSEL IN DIE PRAKTYK</u>	
4.1	<u>INLEIDING</u>	40

4.2	<u>DEPARTEMENTE BETROKKE</u>	41
4.3	<u>MASJIENERIE, TOERUSTING EN DIENSTE</u>	43
4.4	<u>DOKUMENTASIE</u>	44
4.4.1	Die Werksbestelling	44
4.4.2	Service Job Records	48
4.4.3	Rekwisisie	49
4.4.4	Buffer Store Material Costs	50
4.4.5	Artisan Time Record	51
4.4.6	Ander dokumente	52
4.5	<u>STANDAARD TARIEWE EN KOERSE</u>	53
4.5.1	Materiaal/Onderdele	53
4.5.2	Arbeid	53
4.6	<u>REKENINGKUNDIGE INSKRYWINGS</u>	55
4.6.1	Inleiding	55
4.6.2	Inskrywings	57
4.7	<u>VERSLAE</u>	58
4.7.1	Verslae aan kliënte	59
4.7.2	Verslae aan werkswinkels	61
4.7.3	Bestuurs verslae	66
4.7.4	Finansiële verlae	68
4.8	<u>SAMEVATTING</u>	72
4.8.1	Bevinding	72
4.8.2	Gevolgtrekking	74
4.9	<u>SLOT</u>	74

<u>HOOFSTUK 5 :</u>		75
<u>VOORGESTELDE MODEL</u>		
5.1 <u>INLEIDING</u>		75
5.2 Doelwitte		75
5.3 <u>BESPREKING VAN MOONTLIKE MODEL</u>		75
5.3.1	Masjinerie en Toerusting	75
5.3.2	Dokumentasie	76
5.3.2.1	Die Werksbestelling	77
5.3.2.2	Service Job Records	78
5.3.2.3	Rekwisisie	78
5.3.2.4	Buffer Store Material Costs	79
5.3.2.5	Artisan Time Record	79
5.3.2.6	Ander Dokumente	80
5.2.2.7	Bokoste Staat	80
5.4 <u>STANDAARD TARIWE EN KOERSE</u>		81
5.4.1	Materiale/Onderdele	81
5.4.2	Arbeidstarief	83
5.4.3	Bokoste Tarief	83
5.5 <u>REKENINGKUNDIGE INSKRYWINGS</u>		84
5.6 <u>VERSLAE</u>		84
5.7 <u>SLOT</u>		85
<u>HOOFSTUK 6 :</u>		86
6.1 <u>GEVOLGTREKKING EN AANBEVELING</u>		86
6.1.1	Gevolgtrekking	86
6.1.2	Aanbevelings	88
6.1.3	Slot	90

BYLAE A : HOOFSTUK 4 DOKUMENTASIE	91
BYLAE B : HOOFSTUK 4 VERSLAE	96
BIBLIOGRAFIE	119
ENGLISH ABSTRACT	120

TABELLEHOOFSTUK 1 :

- | | | |
|-----|---|---|
| 1.1 | Onderhouds/Instandhoudingskoste v/s ander koste | 2 |
| 1.2 | Werkswinkels en Dienste Afdelings | 5 |

HOOFSTUK 2 :

- | | | |
|-----|--|----|
| 2.1 | Goud as Suid-Afrika se grootse verdiener van
Buitelandse Valuta | 8 |
| 2.2 | Koste-opsommingstaat | 13 |

HOOFSTUK 4 :

- | | | |
|-----|----------------------------|----|
| 4.1 | Type of Order | 46 |
| 4.2 | Reason for Outside Work | 47 |
| 4.3 | Lost Time and Absence Code | 51 |
| 4.4 | Grootboekrekeninge | 59 |

FIGURE

BLADSY

HOOFSTUK 3 :

3.1 Werksbestelling	20
3.2 Rewisisie	23
3.3 Opsionele Koste Advies	24
3.4 Arbeidskaart	26
3.5 Bokostestaar	27
3.6 Werkstaar	36

HOOFSTUK 4 :

BYLAE A :

4.1 Werksbestelling	91
4.2 Services Job Record	92
4.3 Rekwhisisie	93
4.4 Buffer Store Material Costs	94
4.5 Artisan Time Record	95

BYLAE B :

4.6	Detail Report of Workshop Order	96
4.7	Completed Workshop Order Costs	97
4.8	Progress Report on current Workshop Orders	98
4.9	Completed Workshop Orders for Surface Engineering	99
4.10	Workshop Orders within 7 days of estimated completion date	100
4.11	Workshop Orders in progress Overspent	101
4.12	Workshop Orders not completed by estimated date	102
4.13	Weekly Detail Labour Report	103
4.14	Weekly Summary Labour Report	104
4.15	Outstanding Artisans Time Log	105
4.16	Workshop Order Movement for this month	106
4.17	Summary Labour Report	107
4.18	External Workshop Orders	108
4.19	Equipment Type Summary	109
4.20	Schedule of Workshop Orders by Status	110
4.21	Trial Balance	111
4.22	Systems Journal Vouchers Created	112
4.23	Matcon Transactions Totals Extracted from Famis	113
4.24	Work in progress reconciliation	114
4.25	Workshop Order Trial Balance	115
4.26	Mismatched I.M.S. Transactions	116
4.27	Daily Input Audit Trail	117
4.28	Daily Input Error Listing	118

DIAGRAMME

HOOFSTUK 4 :

4.1 Konseptuele oorsig van WORCS

42

HOOFSTUK 1

DIE AARD EN OMVANG VAN DIE STUDIE

1.1 Inleiding

Die goudmynbedryf word beskou as die belangrikste anker en hoeksteen in die ekonomie van Suid-Afrika. Goud is die grootste verdiener van buitelandse valuta. Die mynbedryf verskaf werk aan duisende werknemers.

Tot nou toe het die goudmynbedryf 'n groot mate van sekuriteit in onstabiele ekonomiese periodes gebied.

Onstabiliteit word gekenmerk deur lae groeikoerse, skommelende rentekoerse, flukturerende wisselkoerse en die goudprys. Onstabiliteit neem ook toe as gevolg van stygende eenheids- en onderhoudskoste.

Die doelmatige funksionering en voortbestaan van 'n onderneming word bepaal deur 'n doeltreffende kostestelsel. Dit geld ook vir die goudmynbedryf. Onderhouds- en instandhoudingskoste vorm 'n integrale deel van die kostestelsels.

Naas arbeid en algemene voorrade vorm onderhouds- en instandhoudingskoste die grootste enkele uitgawe in die goudmynbedryf (vgl Tabel 1.1 - Desember 1989 Kosteverslag van Vaal Reefs Exploration and Mining Company Limited). 'n Taakkostelsel is dus noodsaaklik vir die beheer en toedeling van koste. 'n Doeltreffende taakkostestelsel dra by tot arbeidseffektiwiteit.

TABEL 1.1

ONDERHOUDS-INSTANDHOUDINGSKOSTE VS ANDER KOSTE

KOSTE BESKRYWING	RAND	% VAN TOTALE KOSTE
Arbeidskoste	521 470 713	37,7%
Algemene voorrade	303 626 039	21,9%
Onderhoud/Instandhouding	155 712 412	11,4%
Algemene uitgawes	145 640 372	10,6%
Water & elektrisiteit	137 230 684	9,9%
Kontrakteurskoste	61 224 964	4,4%
Abnormale items	414 770 127	3,2%
Opleidingskoste	10 580 465	0,9%
	1 380 255 776	100%

Selfs die magtige goudmynbedryf wat groot winste oplewer se voortbestaan word van tyd tot tyd bedreig deur die swak goudprys en negatiewe wisselkoers. Beter kostebeheer en 'n meer doeltreffende taakkostestelsel word vereis.

Die ontwikkeling en implementering van 'n doeltreffende taakkostestelsel vir die hantering van onderhouds- en instandhoudingskoste is dus noodsaaklik. 'n Taakkostestelsel moet aan die verwagtinge van gebruiker, verbruiker en bestuur voldoen.

1.2 Probleemstelling

(Die ontwikkeling van doeltreffender metodes om koste te beheer en te bepaal is noodsaaklik vanweë besondere hoë koste verbonde aan die herstel, onderhoud en instandhoudingskoste van alle masjinerie en geboue.

Faktore soos bestuur, wetgewing, wisselkoerse en ekonomiese omstandighede oefen 'n invloed uit op kostes en metodes om beheer toe te pas.

1.2.1 Bestuur

Bestuur wil die versekering hê dat die koste verbonde aan die daarstelling van 'n doeltreffende taakkostestelsel, geregverdig is.

In ondernemings waar miljoene rande spandeer word aan herstel, onderhoud en instandhouding van toerusting en geboue, is die bestuur bereid om groot kostes aan te gaan vir die daarstelling van 'n taakkostestelsel.

Die bestuur se vereiste van 'n taakkostestelsel is om die koste van arbeid en materiaal doeltreffend te beheer en om arbeidseffektiwiteit te meet.

1.2.2 Wetgewing

Owerheidsinmenging in die vorm van maatskappy belasting en die heffing van verkoopsbelasting beïnvloed nie alleen die wins nie. Herstel, onderhoud en instandhoudingskoste neem aansienlik toe.

'n Doeltreffende taakkostestelsel is nodig om die koste van owerheidsinmenging ten opsigte van herstel, onderhouds- en instandhoudingskoste te bepaal.

1.2.3 Ekonomiese Omstandighede

Die wisselkoers en inflasie is twee ekonomiese faktore wat 'n sterk invloed uitoefen op materiaal- en arbeidskoste.

Wanneer die rand swak vertoon styg invoerkoste van onderdele, masjienerie en toerusting. Baie masjienerie en toerusting in gebruik by die mynbedryf word ingevoer van ander lande af.

'n Hoë inflasiekoers lei tot groter uitgawes aan arbeid en goedere en dienste.

Die hoë en stygende kostes lei tot sterk mededinging sodat 'n doeltreffende taakkostestelsel noodsaaklik is vir die beheer van herstel, onderhouds- en instandhoudingskoste.

1.3 Doel van die Studie

Die doel van die studie is om :

1. deur middel van literatuurstudie 'n taakkoste model daar te stel as aanvaarde standaard;
2. deur middel van empiriese navorsing vas te stel hoe die beginsel in die praktyk toegepas word;
3. 'n vergelyking te tref tussen die voorgestelde model en die werklike stand van sake;
4. aanbevelings ter verbetering van die bestaande stelstel te ontwikkel.

1.4 Verwysingsraamwerk

As gevolg van die groot verskeidenheid en aantal goudmyn maatskappye, sal dit onprakties vir die doeleindes van hierdie studie wees om na die goudmynbedryf in sy geheel te kyk.

Die empiriese navorsing sal dus konsentreer op een gekose goudmyn.

1.4.1 Gekose Goudmyn

Die toepaslike ondersoek word gedoen op Vaal Reefs Exploration and Mining Company Limited, geleë naby Klerksdorp en Orkney. Vaal Reefs Exploration and Mining Company Limited is deel van die Anglo American Corporation wie se hoofkantoor in Johannesburg geleë is.

1.4.2 Omvang van die studie

Die studie omvat die totale spektrum van 'n gerekenariseerde taakkostestelsel op Vaal Reefs binne die ingenieursdienstedepartement.

Tabel 1.2 is 'n lys van die verskillende werkswinkels en diensteafdelings binne die ingenieursdienstedepartement.

TABEL 1.2

WERKSWINKELS EN DIENSTE-AFDELING

WERKSWINKELS	DIENSTE AFDELINGS
Carpenter Shop	Hostel Projects
Machine Shop	Carpenter Services
Fitting Shop	Electrical Services West
Mechanical Inspection	Electrical Services East
Electrical East	West Services
Boiler Shop East	South Services
Skip and Cage Shop	Central Salvage

WERKSWINKELS EN DIENSTEFDELING /Verv...

WERKSWINKELS	DIENSTE AFDELINGS
Diesel Loco Shop Loader/Hopper Shop Boiler Shop West Blacksmith Shop Petrol Garage Diesel Garage	

1.5 Studemetode

Om sinvol na 'n gerekenariseerde taakkostestelsel te kyk, val die klem op 'n empiriese ondersoek. Daar word primêr op eie ervaring en persoonlike waarnemings gesteun.

Hierdie studie is verder gebaseer op die bestudering van relevante bronne en handboeke.

Die studie bestaan uit die volgende hoofstukke :

- Hoofstuk 1 - Die aard en omvang van die studie
- Hoofstuk 2 - Kousale faktore onderliggend aan die studie
- Hoofstuk 3 - Teoretiese navorsing
- Hoofstuk 4 - Taakkostestelsel in die praktyk
- Hoofstuk 5 - Voorgestelde model
- Hoofstuk 6 - Gevolgtrekking en aanbevelings

1.6 Beperkings van die studie

Vaal Reefs Exploration and Mining Company Limited plaas 'n publikasie beperking van 1 jaar op hierdie werk.

Dit beteken dat die studie nie binne 1 jaar na voltooiing gepubliseer mag word vir die algemene publiek nie.

1.7 Begripsomskrywing

Begrippe sal gedefinieer en omskryf word in die onderskeie hoofstukke waar dit van toepassing is.

1.8 Slot

Hiermee kan die aard en omvang van die studie as afgehandel beskou word.

Kousale faktore tot die studie, word in Hoofstuk 2 bespreek, en behels hoofsaaklik die interne en eksterne faktore wat 'n invloed kan uitoefen op die daarstelling van 'n taakkostestelsel.

HOOFSTUK 2

KOUSALE FAKTORE ONDERLIGGEND AAN DIE STUDIE

2.1 Inleiding

Die goudmynbedryf in Suid-Afrika is 'n unieke bedryf. Goud is Suid-Afrika se enkele grootste verdiener van buitelandse valuta, soos gestaaf in die kwartaalblad van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, (September 1986 : S-73) en vervat in onderstaande tabel.

TABEL 2.1

JAAR	GOUDMUNT EN STAAFGOUD	TOTAAL	GOUD AS % VAN TOTAAL
1979	R3 680	R4 035	91,20
1980	R4 854	R5 267	92,16
1981	R3 194	R3 705	86,21
1982	R3 309	R3 828	86,44
1983	R3 250	R4 165	78,03
1984	R4 047	R4 388	92,23
1985	R3 632	R4 448	81,66

Goud moet egter nie as 'n losstaande entiteit gesien word nie. Goud behels die hele produksieproses om gouddraende erts onder die grondoppervlakte uit te haal en deur chemiese en meganiese prosesse te verwerk tot die eindproduk wat op die mark aangebied word.

2.2 Faktore onderliggend aan die studie

Taakkostestelsels is nie 'n nuwe begrip in Suid-Afrika nie. Die gebruik en toepassing van taakkostestelsels in Suid-Afrika verskil van onderneming tot onderneming. Die gebruik van 'n rekenaar in 'n taakkostestelsel is nog nie algemeen gebruik in Suid-Afrikaanse ondernemings nie.

Die volgende faktore wat onderliggend aan die studie is, kan geïdentifiseer word:

2.2.1 Eksterne Faktore

Die volgende eksterne faktore speel 'n belangrike rol by die daarstelling van 'n taakkostestelsel :

- Die goudprys
- Die wisselkoers
- Ekonomiese omstandighede
- Inflasie

2.2.1.1 Die goudprys

'n Lae goudprys veroorsaak dat verwagte winste nie gerealiseer word nie. Swak winste dwing ondernemings om koste te beheer en dit lei tot die daarstelling van 'n doeltreffende taakkostestelsel.

Met 'n lae goudprys en steeds stygende arbeids- en materiaalkostes, word winste negatief beïnvloed. Die ondersoek na en die moontlike implementering van 'n doeltreffende taakkostestelsel word 'n vereiste by ondernemings.

2.2.1.2 Die wisselkoers

'n Swak wisselkoers strek die mynbedryf tot nadeel ten opsigte van kostes, omdat sekere toerusting en onderdele ingevoer moet word teen hoër koste.

Daar is verskeie faktore wat die wisselkoers beïnvloed. Die volgende faktore is veral belangrik :

- Die Politieke situasie

Die huidige politieke situasie en die toekoms van Suid-Afrika, het groot invloed op die wisselkoers. Daar kan na verskeie aangeleenthede verwys word in die verband.

- * die feit dat die Konserwatiewe Party sekere stadsrade beheer;
- * die invloed van die vrylating van politieke gevangenes onder andere Nelson Mandela;
- * die ontbanning van die ANC en ander verbode organisasies.

- Inflasie

Inflasie is gekoppel aan interne binnelandse ekonomiese omstandighede, sowel as aan die Rand/Dollar wisselkoers wat die pryse van ingevoerde toerusting en onderdele aansienlik affekteer.

'n Hoë inflasiekoers beïnvloed Suid-Afrikaans vervaardigde toerusting en onderdele se pryse nadelig.

- Die goudprys

'n Lae goudprys bring mee dat ondernemings gedwing word om te kyk na 'n doeltreffende taakkostestelsel (Sien 2.2.1.1)

'n Verbetering in die goudprys realiseer groter winste vir die mynbedryf. Die groter winste kan daartoe lei dat die klem op kostebeheer verminder.

- Die olieprys

Die olieprys beïnvloed kostes tot 'n groot mate. 'n Hoë olieprys lei tot stygings in die brandstofpryse en vervoerkostes. Duurder brandstof en hoër vervoerkostes lei tot die styging in pryse van toerusting, onderdele en voorrade.

2.2.1.3 Ekonomiese Omstandighede

Tydens swak ekonomiese omstandighede kan sterker mededinging verwag word in Suid-Afrikaanse produkte. Die mededinging lei to goedkoper Suid-Afrikaans vervaardigde produkte. Die mynbedryf gebruik meestal gespesialiseerde ingevoerde produkte. Vir ingevoerde produkte is daar weinig mededinging ter sprake en word die produkte nie goedkoper nie.

2.2.1.4 Inflasie

As eksterne faktor is inflasie sekerlik een van die belangrikste aangeleenthede waarmee rekening gehou moet word, omdat inflasie kostestygings veroorsaak wat ook aangehelp word deur 'n swak wisselkoers.

Die voortbestaan van enige goudmyn word bepaal deur die gesonde balans en verhouding tussen die goudprys en produksiekoste, terwyl die wisselkoers ook 'n groot invloed uitoefen.

2.2.2 Interne Faktore

Daar is drie interne faktore wat 'n invloed uitoefen op 'n taakkostestelsel. Dit behels in kort die volgende :

2.2.2.1 Vervanging van masjinerie en toerusting

In die mynbedryf beloop die koste ten opsigte van die vervanging van masjinerie en toerusting R44 miljoen per jaar, soos in tabel 1.1 in Hoofstuk 1 getoon. Dit verteenwoordig ongeveer 32% van totale koste.

Hierdie buitengewone duur vervangingskoste is 'n bydraende faktor tot die ontwikkeling en implementering van 'n taakkostestelsel om vas te stel wat gedoen kan word om die lewensduur van masjinerie en toerusting te verleng.

Akkurate toedeling van koste per eenheid ten opsigte van onderdele, arbeid en redes vir die vervanging van onderdele word dus vereis.

Kostes word verder verhoog as gevolg van die finansieringskoste ten opsigte van toerusting wat benodig word om die herstel en onderhoud uit te voer. Hierdie toerusting is soms duur en kos etlike duisende rande. Gemeganiseerde toerusting, soos byvoorbeeld die Dump Truck kos ongeveer R300 000 en word nie uit eie fondse gekoop nie, maar word deur finansiering verkry.

Vaal Reefs is egter in die gunstige posisie dat hulle instaat is om uit eie fondse die nodige uitgawes aan te gaan. Volgens die jaarverslag van 1988 het Vaal Reefs 'n wins van R618 miljoen na belasting getoon. Materiaal en onderdele in die herstel en onderhoudsproses bedra sowat 81% van die totale herstel en onderhoudskoste.

2.2.2.2 Mannekrag

Na materiaal is arbeid 'n duur item in die herstel en onderhoudskoste proses. Dit beloop sowat 19% volgens die nie-amptelike berekening van die kostedepartement in die ingenieursdienste-afdeling.

Arbeidskoste beloop 88% van die werkswinkel se totale onkoste en is berekenbaar uit die kosteverslag van Desember 1988 (Nommer 3018) van die ingenieursdienste-afdeling van Vaal Reefs, waarvan tabel 2.1 'n opsomming is.

TABEL 2.2

KOSTEOPSOMMINGSTAAT

BESKRYWING	KOSTE	% VAN TOTALE KOSTE
Arbeidskoste	R7 410 855	88
Store	R 332 960	4
Algemene uitgawes	R 192 733	2
Diverse werkswinkelkoste	R 488 016	6
	R8 414 564	100%

Hierdie duur arbeidskoste vereis beter benutting en toedeling van mannekrag wat alleen vasgestel en herbeplan kan word deur middel van 'n goeie taakkostestelsel.

Meganisasie tree sterker na vore, maar is nie altyd so voordelig nie, al word arbeid verminder. Gemeganiseerde toerusting is baie duur en word hoofsaaklik ingevoer. Gevolglik is onderdele baie duur, wat weer groot invloed het op duursaamheid van herstelwerk en onderhoudskoste.

2.2.2.3 Produksie

Die handhawing van maksimale produksie is belangrik in die goudmynbedryf sodat die hoogste moontlike wins behaal kan word en die hoogste moontlike dividend aan die aandeelhouders uitgekeer kan word.

2.3 Maatskappy profiel

Vaal Reefs Exploration and Mining Company Limited is in Mei 1944, na die ontdekking van die Vaalrif in 1942, opgerig vir die ondersoek en ontginning van 'n gebied in Wes Transvaal wat grens aan die myngebied van Western Reefs Exploration and Development Company Limited en word deur die Anglo American Groep geadministreer.

Tot September 1956, toe Vaal Reefs sy eerste skag gesink het, het die maatskappy deur Western Reefs se nommer 3 skag toegang tot sy ontginningsgebied verkry. Southvaal Holdings Limited is in 1966 gestig om die belange van die houders van minerale regte suid van die Vaalrivier te verteenwoordig. Vaal Reefs het later die reg verkry om hierdie gebied te ontgin en dit as 'n tweede myn huur saam met sy eie huurgebied noord van die Vaalrivier te bedryf. In ruil hiervoor ontvang Southvaal sy inkomste uit tantiemes en rente op lenings vir die ontginning van die suidelike gebied wat deur Vaal Reefs gehuur word.

In 1971 het Western Reefs met die samesmelting van die twee myne 'n vol filiaal van Vaal Reefs geword.

Vaal Reefs huur sedert 1979 Afrikander Lease Limited se hoofblok mineraalregte vir die ontginning en behandeling van uraanreserwes.

In 1982 het Afrikander Lease aan Vaal Reefs die reg toegestaan om gouddraende erts te ontgin in 'n gebied wat deel van die ou Afrikander Myn uitmaak. Tantiemes ten opsigte van hierdie bedrywighede is aan The Afrikander Lease Limited betaalbaar.

Vaal Reefs het meer as 51 000 mense in diens en bestaan uit 9 skagte met 'n tiende in aanbou en 'n verdere twee in die beplanningsfase. Daar is vyf goudaanlegte, twee uraan en twee swaelsuur aanlegte. In 1986 het Vaal Reefs 81,5 ton goud, wat twaalf persent van Suid-Afrika se goud produksie uitmaak geproduseer asook 1930 ton uraan.

Die hoofdoelstelling van hierdie maatskappy is om :

- * winsgewendheid tot die maksimum peil te verhoog deur die volle benutting van hulpbronne om sodoende 'n bevredigende opbrengs vir aandeelhouers te verseker;
- * die nodige plooibaarheid te bereik en te handhaaf om skommelende goudpryse en veranderende politieke, sosiologiese, ekonomiese en tegnologiese omstandighede die hoof te bied;
- * 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die welsyn van die gemeenskap waarin hy bedrywig is;
- * behuisingsprogramme te implementeer, ten einde die uiteindelijke oogmerk te verwesenlik, wat werknemers die geleentheid sal bied om saam met hulle gesinne in 'n normale gemeenskap te woon;

- * die ontwikkeling en bevordering van werknemers in die hand te werk deur die verskaffing van opleiding en keuring, uitsluitlik volgens verdienste en bekwaamheid;
- * die sekuriteit en welsyn van alle werknemers te bevorder deur die verskaffing van veilige werkstoestande, mediese sorg en ander diensvoorwaardes.

Die maatskappy profiel is verkry uit die 45ste jaarverslag van Vaal Reefs (1988).

2.4 Slot :

Die verskeie eksterne en interne faktore soos bespreek in hierdie hoofstuk het 'n groot invloed op die doelstelling van 'n taakkostestelsel.

Hierdie faktore wat hoofsaaklik kostegebonde is, oefen 'n invloed uit op bestuur wat bepaal of 'n taakkostestelsel nodig is al dan nie en verder ook hoeveel gespandeer moet word op sodanige taakkostestelsel.

In hoofstuk 3 word die teoretiese navorsing rakende taakkostestelsels bespreek.

HOOFSTUK 3

TEORETIESE NAVORSING

3.1 Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is dieselfde soos beskryf in Hoofstuk 1, Paragrafe 1.2 en 1.3. Verslae word beskikbaar gestel vir die kliënt, sowel as vir die bestuur van die werkswinkels. Hieruit kan arbeidseffektiwiteit en produktiwiteit bepaal word sodat bestuur korrektiewe besluite kan neem.

'n Taakkostestelsel word soos volg deur Chatfield en Neilson (1983:115) beskryf: "When products are manufactured individually or in distinct lots or batches, with each job requiring different amount of materials and labour, cost should be recorded separately for every job produced".

Cherrington, Hubbard en Luthy (1985:2419) beskryf 'n taakkostestelsel op hulle beurt as "job-Order costing is used for manufacturing processes that produce products in batches".

Uit bogenoemde twee beskrywings kan afgelei word dat die doel van 'n taakkostestelsel moet wees om koste ten opsigte van arbeid en materiaal toe te deel vir 'n spesifieke taak, of die taak individueel of in groepe geskied.

Ten einde 'n taakkostestelsel in werking te stel moet die volgende komponente in ag geneem word:

1. Masjinerie en toerusting
2. Dokumentasie (wat noodsaaklik behoort te wees)

3. Standaardtariewe en koerse
4. Rekeningkundige inskrywings
5. Verslae

Of 'n taakkostestelsel handgeskrewe of gerekaniseer is, die beginsels ten opsigte van toerusting, dokumentasie, rekeningkundige inskrywings en verslae bly dieselfde. Die voordeel van rekenarisering is daarin geleë dat rekeningkundige inskrywings outomaties geskied en die verslae baie vinniger en meer gesofistikeer geproduseer kan word.

Dit is belangrik om daarop te let dat die teoretiese navorsing, deur middel van literatuurstudie, slegs taakkostestelsels wat op produksie gefokus is behandel. Werkswinkels wat ingerig is vir onderhoud en herstelwerk pas hierby in, maar die dienstedepartemente soos verwys in Tabel 1.2 word nie in die literatuur omskryf en behandel nie.

3.2 Masjinerie en Toerusting

Masjinerie en toerusting word op twee wyses beskikbaar gestel, naamlik :

- * op 'n geskeduleerde onderhouds basis - dit beteken masjinerie en toerusting word volgens 'n voorafbepaalde tydskedule gestuur vir onderhoud (nasien);
- * op 'n herstelwerkbasis - wanneer masjinerie en toerusting breek of onklaar raak, word dit gestuur vir herstelwerk.

Toerusting en masjinerie word na die werkswinkel gestuur vir of geskeduleerde onderhoud of vir herstelwerk. Nadat die onderhoud en herstelwerk afgehandel is, word die betrokke toerusting en masjinerie terugbesorg aan die kliënt.

3.3 Dokumentasie

Dit is gesonde praktyk om rekord te hou van alle aspekte van 'n taak wat uitgevoer is. Om rekord te hou van inligting is daar 'verskillende dokumente wat gebruik moet word.

3.3.1 Doel

Die doel van dokumentasie is dus om alle werksaamhede wat koste behels soos arbeid, materiaal en bokoste op rekord te hou. Die rekords moet ontleed word om te bepaal wat alles deel gevorm het van die kostes wat vir die spesifieke taak toegedeel is.

Die noukeurige dokumentasie maak die volgende moontlik :

- * 'n staat wat die kostes ontleed, kan aan die kliënt verskaf word.
- * Die werkswinkel bestuur sal in staat wees om uit verslae effektiwiteit en produktiwiteit van arbeid te bepaal en ook om die benutting van materiaal vas te stel.
- * Die bestuur word instaat gestel om mededingend in die mark te bly met prysvasstelling.
- * Korrekte finansiële inskrywings kan gemaak word.

Die volgende dokumentasie sal gebruik word in die taakkostestelsel:

- * Werksbestelling
- * Materiaalrekwisie (stoor rekwisie)

- * Opsionele koste-advies
- * Werkskaart (arbeidskaart)
- * Bokostestaat

3.3.2 Werksbestelling

Die kliënt is in besit van 'n werksbestellingsboek en vir elke masjien en toerusting wat werkswinkel toe gestuur word, word individuele werksbestellings uitgeskryf.

Figuur 3.1 is 'n voorbeeld van 'n moontlike werksbestelling, aangesien dit nie in die literatuur bespreek is nie.

FIGUUR 3.1 - WERKSBESTELLING

DEEL A		
Datum:	Werksbestelling Nr:	
Kliënt : :	Departement:.....	
Kontakpersoon:	Telefoonnommer:	
Aan werkswinkel naam:	Nr:	
Beskrywing en aard van werk verlang		
.....		
.....		
Kwotasie verlang:	Datum toerusting terug:	
Toerusting identifikasienommer:		
DEEL B		
Voorlopige arbeidskoste :	R.....	Ure:
Voorlopige materiaalkoste:	R.....	
Voorlopige opsionele koste:	R.....	
Voorlopige bokoste koste :	R.....	
Kwotasiewaarde :	R.....	
Datum opdrag voltooi:	R.....	
Opdrag uitgevoer te word deur :	Werkswinkel	
	Kontrakteur	

Die kern van die taakkostestelsel word geformuleer rondom die werksbestellingnommer en alle ander dokumente moet verwys na die werksbestellingnommer.

Op die werksbestelling is voorsiening gemaak vir die volgende inligting wat die kliënt korrek moet verskaf.

- * 'n Duidelike omskrywing moet gegee word van die aard van die taak wat verlang word, bv. geskeduleerde onderhoud of volledige inligting rakende die aard van herstelwerk wat verlang word.
- * Die kliënt se naam, telefoonnommer, departement en 'n aanduiding of die werkswinkel die opdrag moet uitvoer of kwotasie moet verskaf, voordat toestemming verleen word om die opdrag uit te voer.
- * Die datum waarop toerusting aan die kliënt terugbesorg moet word, moet aangedui word.
- * Die naam van die werkswinkel wat die taak moet uitvoer, moet verskaf word.

Vir die werkswinkelvoorman moet voorsiening gemaak word om die volgende inligting te verskaf.

- * Kwotasiewaarde indien deur die kliënt verlang.
- * 'n Ontleding van voorlopige koste ten opsigte van materiaalkoste, arbeidsure en arbeidskoste (ontleding is nodig waar ondernemingsbeleid bepaal dat voorlopige koste toegedeel moet word).
- * 'n Aanduiding of die werkswinkel self die taak gaan uitvoer of buite kontrakteurs die taak gaan verrig.

L.W. Indien van buite kontrakteurs gebruik gemaak word, moet voorlopige koste ooreenstem met die kwotasie van die buite kontrakteur.

Die werkswinkelbestelling is in 2 verdeel naamlik Deel A, - wat voltooi word deur die kliënt en Deel B, - wat voltooi word deur die werkswinkelvoorman. 'n Afskrif van die werksbestelling moet aan die koste departement gestuur word om die nodige rekeningkundige inskrywings te maak.

3.3.3 Rekwisisie

Die materiaal rekwisisie word deur Chatfield en Neilson (1983:120) beskryf: "A materials requisition form authorizes the store keeper to issue specific material to production workers".

Die materiaalrekwisisie is nie net nodig as opdrag om materiaal uit te reik nie, maar ook om materiaal koste te akkumuleer en toe te deel.

Figuur 3.2 is 'n voorbeeld van 'n materiaal rekwisisie, volgens Cashin en Polimeni (1981 : 219).

FIGUUR 3.2 - MATERIAALREKWISISIE

<u>MATERIAAL REKWISISIE</u>				
AANVANGSDATUM :		DATUM UITGEREIK:		
WERKSWINKEL :		GOEDGEKEUR:		
REKWISISIENOMMER:		UITGEREIK AAN:		
HOEVEELHEID	BESKRYWING	TAAKNOMMER	EENHEIDS- KOSTE	TOTALE KOSTE
SUB TOTAAL				
TOTAAL				

Op die materiaalrekwisisie moet voorsiening gemaak word vir die volgende noodsaaklike inligting:

- * Naam en kostekode van werkswinkel
- * Die werksbestellingnommer
- * Onderdelenommer en materiaalbeskrywing
- * Hoeveelhede
- * Eenheidsprys per item

Die materiaal rekwisisie moet goedgekeur word deur die werkswinkelvoorman.

'n Afskrif van die voltooide materiaalrekwisisie moet aan die koste-afdeling besorg word om die korrekte rekeningkundige inskrywing te maak.

Dit is belangrik om kennis te neem dat die materiaalrekwisisie slegs gebruik word vir die verkryging van voorraad uit die IMS stoor en nie bufferstoor voorraad nie.

3.3.4 Opsionele koste-advies

Die doel van die opsionele koste-advies is om koste soos direkte materiaal, arbeid, ens., wat direk na die spesifieke werksbestelling toegedeel word te ontleed.

Die arbeid en materiaal hier ter sprake is nie direk toegedeel na die werksbestelling deur middel van die materiaalrekwisisie of arbeidskaart nie. Die opsionele koste advies is veral nuttig waar materiaal uit die bufferstoor benodig word vir 'n spesifieke werksbestelling.

Figuur 3.3 is 'n voorbeeld van 'n moontlike opsionele koste-advies.

FIGUUR 3.3 - OPSIONELE KOSTE-ADVIES

DATUM : STAATNOMMER:			
WERKSWINKELNAAM: WERKSWINKELNOMMER:			
INSKRYWINGS-NOMMER	BESKRYWING VAN KOSTE	WERKSBESTELLING NOMMER	BEDRAG
1	Huur van hyskraan	10010	R1 000
2	Ratkas	11280	R3 500
3	Arbeid - Kontrakteur	11280	R 500
4			
5			
6			
7			
8			
9			
10			

Die opsionele koste-advies moet deur die ambagsman vir die spesifieke werksbestelling voltooi word met die volgende inligting :

- * Werksbestellingsnommer
- * Werkswinkelbeskrywing en kostekode
- * Beskrywing van materiaal, arbeid, ens. wat gebruik is.
- * Die koste (waarde) van materiaal, arbeid, ens. wat gebruik is.

3.3.5 Arbeidskaart

Arbeid word deur Sorgdrager en Tromp (1978:90) beskryf as " 'n bepaalde vorm van aktiwiteit wat met moeitevolle inspanning gepaard gaan en op nuttige aktiwiteite afgestem is". Uit bogenoemde omskrywing blyk dat arbeids insette, die ure wat 'n werker bestee aan 'n spesifieke taak aandui.

In ondernemings waar 'n arbeidsklokstelsel in gebruik is, word die rekordhouding van ure gewerk ten opsigte van spesifieke take baie vergemaklik.

In ondernemings waar die kostestelsel en die taakgerigte arbeid nie geïntegreer is nie, word van addisionele dokumentasie gebruik gemaak om die ure vir 'n spesifieke taak te akkumuleer en die nodige toedeling van arbeidskoste te maak

Sodanige dokument word as 'n arbeidskaart of meer spesifiek, 'n arbeidskostekaart, beskryf.

Figuur 3.4 is 'n voorbeeld van 'n moontlike
arbeidskostekaart volgens Hartley (1986 : 78).

FIGUUR 3.4 - ARBEIDSKAART

<u>ARBEIDSKAART</u>					
NAAM :		NOMMER :			
KOSTEKODE :		DATUM :			
BETAALKODE :					
TAAK NOMMER	UIT	IN	TYD	DEPARTEMENT	VOORMAN HANDTEKENING

Die arbeidskostestaat moet deur die ambagsman ingevul en deur die voorman goedgekeur word. Dit is noodsaaklik om ten minste vir die volgende inligting voorsiening te maak op 'n arbeidskostestaat:

- * Oorspronklike werkswinkelbestellingsnommer (taaknommer)
- * Werkswinkelbeskrywing en kostekode
- * Arbeidskontrolenommer
- * Ure gewerk
- * Uurkoers
- * Arbeidsbedrag

Die bedrag op sodanige arbeidskostestaat word aan die kostedepartement gestuur om die nodige rekeningkundige inskrywings te maak.

3.3.6 Bokoste Staat

In bokoste kan twee kategorieë onderskei word, nl.:

- direkte bokoste - wat reeds behandel is in paragraaf 3.3.4 as opsionele koste-advies, en
- indirekte bokoste

Indirekte bokoste

Normaalweg is bokoste indirek en word eenmalig toegedeel volgens 'n voorafbepaalde tarief.

Bokoste sluit kostes in soos indirekte arbeid, indirekte materiaal, krag, water, onderhoud en herstelkoste, ens.

Indirekte bokoste kan op 'n bokostestaat aangeteken word soos geillustreer in Chatfield en Neilson (1983:127, figuur 3,5).

FIGUUR 3.5 - BOKOSTESTAAT

ITEM NOMMER	WERKSWINKEL BESTELLINGNOMMER	URE GEWERK	STANDAARD UUR TARIEF	KOSTE R
1	2478	1,35	5,00	6 750
2	2479	2,20	5,00	11 000
3	2480	2,15	5,00	10 750
4				
5				
6				
7				
8				
9				
10				

Noodsaaklike inligting op sodanige bokosteverdelingstaat moet insluit :

- * Werksbestellingsnommer
- * Werkswinkelnaam en of kostekode
- * Bokostetarief
- * Totale bokoste toegedeel

'n Afskrif van die bokosteverdelingstaat moet aan die koste afdeling besorg word om die nodige rekeningkundige inskrywings toe doen.

3.4 STANDAARD TARIWE EN KOERSE

3.4.1 Inleiding

Onder standaardtariewe en koerse moet onderskei word tussen hoeveelheidstandaarde en prysstandaarde.

Standaardtariewe kan beskou word as daardie koste wat nie volgens spesifieke omstandighede by die produksiekoste ingesluit word nie.

3.4.2 Hoeveelheidstandaarde

Hoeveelheidstandaarde kan beskou word as materiaal hoeveelhede en arbeidsure.

3.4.2.1 Materiaalhoeveelhede

Vir doeleindes van hierdie studie word materiaalhoeveelhede bepaal vir elke individuele taak teen 'n standaardtarief of heersende markprys en derhalwe word hiermee volstaan en nie verder op die punt uitgebrei nie.

3.4.2.2 Arbeidsure

Om 'n standaard arbeidskoers te bereken, is dit noodsaaklik om standaardure te bepaal.

Daar is verskeie metodes om arbeidsure te bepaal. Die skrywer is van mening dat wat 'n werkswinkel betref, arbeidsure bepaal behoort te word volgens die hoeveelheid ambagsmanne in 'n spesifieke werkswinkel verantwoordelik vir herstelwerk of onderhoud wat uitgevoer word.

Vir die berekening van arbeidsure moet die volgende veronderstellings in aanmerking geneem word :

1. Normale werksure duur van 7vm - 4nm met 45 minute etenstyd.
2. Verlore tyd as gevolg van beplanning en versiening van toerusting in die oggende en middag sal saam 30 minute in beslag neem.
3. Wanneer die voorman met vakansie weg is, neem een ambagsman waar as voorman.
4. Elke ambagsman het 20 werksdae vakansie per jaar.
5. Daar is 287 werksdae per jaar.

Met bogenoemde in gedagte behoort die arbeidsure in die werkswinkel met 12 ambagsmanne en 1 voorman soos volg bereken te word.

Berekening

Normale tyd (7-4) = 8 ure - 45 min. = 7.15
Verlore tyd = .30
Totale beskikbare tyd per ambagsman 6.45

12 Ambagsmanne x 6.45 = 81 per dag
287 Werksdae per jaar x 81 = 23 247
ure/jaar

MIN

1 Vakansie 20 dae x 12 ambagsmanne = 240 dae
+ 20 dae
Totaal = 260 x 6.45 = 1755

Totale ure beskikbaar per jaar = 21492 (23247-1755)

'n Totaal van 21492 standaardure in die jaar is beskikbaar om herstel en onderhoudswerk te verrig in hierdie spesifieke werkswinkel.

3.4.3 Prysstandaarde

Prysstandaarde kan beskou word as standaardtariewe of koerse bereken vir materiaal, arbeid en bokoste.

3.4.3.1 Materiaalprys

Omdat in 'n werkswinkel die meeste materiaal vanaf 'n sentrale stoor bestel word en standaardtariewe deur hierdie instansie bereken word, is dit nie nodig om verder hierop uit te brei nie.

3.4.3.2 Arbeidskoers

Die arbeidskoers word bereken om die koste verbonde aan werklike ure gewerk toe te deel na koste.

Die totale waarde van die 12 ambagsmanne se salarisse, bonusse, beplande oortyd en die maatskappy se bydraes tot pensioenfondse, versekering en ander voordele word geakkumuleer vir die jaar.

Hierdie geakkumuleerde bedrag word bepaal deur die begroting.

Indien die geakkumuleerde waarde van 1 ambagsman R32 500 per jaar beloop, dan sal die totale koste R390 000 per jaar beloop.

Die arbeidskoers word soos volg bereken :

R390 000
21492 ure
= R18,17 per uur

Die werkswinkel se arbeidskoers beloop dus R18,17 per uur en is die koers wat die kliënt betaal vir elke uur of gedeelte daarvan. Hierdie bedrag is pro rata bereken per ambagsman wat aan die kliënt se toerusting werk.

3.4.4 Bokostetarief

Alle koste, buiten direkte materiaal, direkte arbeid en koste per addisionele kosteadvies, word as bokoste beskou.

Bokoste is byvoorbeeld :

Ander arbeidskoste
Onderhoudskoste
Algemene uitgawes : Skryfbehoeftes
Elektrisiteit
Water

Daar is baie ander kostes behalwe bogenoemde wat nie direk toedeelbaar is na 'n taak nie, en wat dus ook bokoste is.

Daar is verskeie medodes om 'n bokostetarief te bepaal. Vir doeleindes van hierdie studie, word die aandag gevestig op 'n arbeidsuurbasis en produkeenheidsbasis, alhoewel masjienuurbasis, materiaalkostebasis en materiaaleenheidsbasis ook gebruik kan word.

3.4.4.1 Arbeidsuurbasis

Die koers of tarief word uitgedruk as 'n verhouding en soos volg bereken :

Begrote bokoste
Begrote direkte arbeidsure

Hierdie metode is aan te beveel waar arbeid die belangrikste faktor in die werkswinkelproses is.

Die toedeling van bokoste geskied dus deur die berekende koers te vermenigvuldig met die direkte arbeidsure (bereken volgens 3.4.2.2) soos bestee per taak.

3.4.4.2 Produkeenheidsbasis

Dit is moontlik die eenvoudigste metode om bokoste toe te deel en word soos volg bereken:

Begrote bokoste
Begrote eenhede

Die koers hiervolgens bereken, word vermenigvuldig met die hoeveelheid eenhede van 'n kliënt om sodoende die koste aan hom toe te deel.

3.5 Rekeningkundige inskrywings

Uit die voorafgaande besprekings is dit af te lei dat daar vir elke dokumentasie wat gebruik is 'n rekeningkundige transaksie, (sal plaasvind) aangeteken sal word.

In groot ondernemings soos met Vaal Reefs word beraamde kostes voorlopig toegedeel, en na voltooiing van die taak word die voorlopige koste teruggeskryf en werklike koste toegedeel.

3.5.1 Werksbestelling

Op die werksbestelling is voorsiening gemaak vir beraamde materiaal, arbeidskoste en bokoste

Die beraamde bedrag kan as voorlopige koste toegedeel word :

DT	Kliënt bestelnommer 0010	R5 000
KT	Werk-in-proses bestelnommer 0010	R5 000

Toedeling van voorlopige koste ten opsigte van werksbestellingsnommer 0010

3.5.2 Materiaalverbruik (Rekwisisie)

Wanneer amptelik met die werksaamhede begin word, sal daar vir elke materiaalrekwisisie wat uitgereik word vir die verkryging van materiaal, die volgende inskrywing plaasvind:

DT	Werkswinkel 01 store	R1 800
KT	Hoofstoor	R1 800

Ontvang van materiaal per rekwisisie
Nommer 10001 ten opsigte van werksbestelling
nommer 0010

Die betrokke materiaal word direk aangewend vir die betrokke werksbestelling en die volgende inskrywing word gemaak:

DT	Werk-in-proses	bestelnommer	R1 800
KT	Werkswinkel 01	store	R1 800

Gebruik van materiaal direk van hoofstoor ten opsigte van bestelnommer 0010

3.5.3 Opsionele koste

As voorbeeld sal geneem word dat materiaal uit die werkswinkel se bufferstoor gebruik is, en vervolgens sal die rekeningkundige inskrywing soos volg wees :

DT	Werk-in-proses	Bestelnommer 0010	R400
KT	Werkswinkel 01	bufferstoor	R400

Gebruik van materiaal uit bufferstoor ten opsigte van bestelnommer 0010

3.5.4 Arbeidskoste

Die arbeidsure ten opsigte van die werkswinkelbestelnommer word versamel en vermenigvuldig met die arbeidskoers en in totaal toegedeel met die volgende inskrywing:

DT	Werk-in-proses	Bestelnommer 0010	R2 100
KT	Werkswinkel 01	arbeid	R2 100

Arbeid ten opsigte van werk verrig aan toerusting per bestelnommer 0010.

3.5.5 Bokoste

Die rekeningkundige inskrywing word soos volg uiteengesit nadat bokoste bereken is.

DT	Werk-in-proses	Bestelnommer 0010	R900
KT	Werkswinkel 01	bokoste	R900

Bokoste toegeedeel aan bestelnommer 0010

3.5.6 Finale inskrywing

Die finale inskrywing word gemaak nadat die voorafgaande rekenings gebalanseer is en die kliënt gedebiteer is.

Die finale inskrywing ten opsigte van hierdie voorbeeld sal soos volg wees:

DT	Kliënt	Bestelnommer 0010	R200
KT	Werk-in-proses		R200

Finale berekening van bestelnommer 0010
wat 'n tekort van R200 op voorlopige koste is.

Die totale werklike koste vir bestelnommer 0010 was R5 200 en 'n voorlopige kostetoedeling van R5 000 was aanvanklik gemaak.

3.6 Verslae

Die teoretiese navorsing is gedoen uit die bronne soos vervat in die bibliografie. Verslae is 'n afdeling in die bronne wat egter baie weinig bespreek is. Verslae is egter essensieël en is 'n integrale deel van 'n taakkostestelsel.

Met 'n gerekenariseerde stelsel kan gesofistikeerde verslae geproduseer word vir almal wat belang het by 'n taakkostestelsel hetsy as kliënt, werkswinkel, koste en finansiële departement of bestuur.

Om allerlei verslae op te stel vanaf 'n handstelsel is baie veeleisend en tydrowend en gevolglik is dit algemene praktyk dat 'n standaardverslag aan die kliënt verskaf word, soos aangetoon in Figuur 3.6. Die figuur is gebaseer op die voorbeeld van Hartley (1986:73).

FIGUUR 3.6

WERKSTAAT

TAAKBESKRYWING TAAKNOMMER :

	DATUM ONTVANG	DATUM VOLTOOI	BEDRAG KWOTEER	WERKLIKE KOSTE
Materiaal				
Arbeid				
Bokoste				
TOTAAL :				

Ten opsigte van materiaal kan 'n volledige lys voorsien word van die onderskeie items en onderdele wat gebruik is.

'n Werk-in-prosesstaat word deur die kostedepartement gehou wat beskikbaar gestel moet word vir ouditdoeleindes. Al die ander boekinskrywings (rekeningkundige inskrywings) is ook vir oudit en finansiële doeleindes beskikbaar.

Ad hoc-verslae word opgestel soos en wanneer versoek deur bestuur.

3.7 Samevatting

Die voorafgaande bespreking van 'n teoretiese taakkostestelsel kan soos volg opgesom word.

3.7.1 Doelwitte

Die volgende doelwitte kan toegeskryf word aan goeie teoretiese gefundeerde taakkostestelsel :

- Boekhouding van rekeningkundige transaksies
- Versameling van inligting
- Toedeling van beraamde kostes
- Terugskrif van beraamde kostes en die toedeling van werklike kostes
- Bepaling van arbeidseffektiwiteit
- Beheer oor werk-in-proses
- Uitreiking van verslae

3.7.2 Vereistes om Doelwitte te bereik

Die onderstaande inligting is noodsaaklik om die doelwitte van 'n goeie teoretiese gefundeerde taakkostestelsel te bereik.

- Dokumentasie waarop die nodige inligting aangeteken is, is noodsaaklik om rekeningkundige transaksies te doen, inligting te versamel, die toedeling van kostes en werk-in-proses te beheer, arbeidseffektiwiteit te meet en om verslae op te stel.
- Dit is nodig om deeglik te besin met die oog op die berekening van standaardtariewe en koerse vir arbesure, arbeidskoerse (arbeidstarief), materiaal tariewe (buffer stoor) en die bokostetarief.
- Volledige rekeningkundige transaksies wat beraamde en werklike toedeling van koste bevat ten opsigte van materiaal, arbeid, werk-in-proses en bokoste moet gedoen word.
- Verslae wat tot nut sal wees vir die kliënt, finansiële en kostedepartement, werkswinkel voorman en ook vir bestuur moet opgestel word.

3.7.3 Die Ideaal

Die ideale taakkostestelsel, saamgestel na aanleiding van die teorie, moet soos volg daaruit sien.

3.7.3.1 Dokumentasie

- Om die noodsaaklike inligting te versamel moet die volgende dokumentasie beskikbaar wees :
- werksbestelling en Service Job Record;
- rekwisisie om materiaal te trek uit IMS stoor;
- opsionele koste advies om materiaal aan te toon wat uit die buffer stoor geneem is;
- arbeidskaart wat die hoeveelheid ure aantoon ten opsigte van elke werksbestelling en Service Job Record;
- bokoste staat om die ure gewerk en die toedeling van bokostes aan te toon

3.7.3.2 Standaardtariewe en koerse

Standaardtariewe en koerse moet bereken word vir :

- arbeidsure : die beskikbare arbeidsure moet bereken word ten einde die arbeidstarief te bepaal;

- arbeidskoers : die tarief moet bereken word om ure gewerk om te skakel na 'n geld waarde.
- bokoste tarief : tarief moet bereken word om bokoste toe te deel.

3.7.3.3 Rekeningkundige Inskrywings

Rekeningkundige inskrywings moet voldoen aan die vereistes en standarde van die Algemene Rekeningkundige Praktyk.

Vir elke dokument, soos bespreek in 3.7.3.1, sal 'n rekeningkundige inskrywing plaasvind

3.7.3.4 Verslae

Die uitreiking van verslae is essensieël aan 'n taakkostestelsel. Vir die tipe vorm van verslae bestaan geen voorgeskrewe reëls nie.

Verslae word opgestel volgens die behoefte van die onderneming. Die verslae moet sodanig wees dat dit sinvol en van waarde is vir :

- die kliënt,
- die finansiële- en kostedepartement,
- die werkswinkelvoorman en
- die bestuur

3.8 Slot

In hoofstuk 4 wat handel oor taakkostestelsels in die praktyk, is daar meer klem op verslae wat nie in die huidige hoofstuk bespreek is nie.

HOOFSTUK 4

TAAKKOSTESTEL IN DIE PRAKTYK

4.1 Inleiding

Vaal Reefs Exploration and Mining Company Limited het sekert 1981 'n gerekenariseerde taakkostestelsel in gebruik.

Gedurende 1986 het die behoefte by bestuur ontstaan dat die taakkostestelsel nie slegs ter wille van die finansiële dissipline moet funksioneer nie, maar ook tot die voordeel van die kliënt en die werkswinkels gebruik moet word.

Hierdie behoefte het aanleiding gegee tot 'n "dinkskrum" en die resultaat daarvan was die daarstelling van 'n nuwe taakkostestelsel wat in Januarie 1988 in werking getree het. Hierdie taakkostestelsel staan bekend as WORCS wat beteken "Workshop Order Reporting and Control System".

Afgesien van die finansiële dissipline is die ander hoof funksies van hierdie stelsel :

- * Die monitor van arbeidsbenutting
- * Die monitor van herstelkoste
- * Die allokering van voorafbepaalde koste
- * Die allokering van werklike koste
- * Die terugskryf van voorafbepaalde koste
- * Die akkumulاسie van werk-in-proses detail
- * Die verslag uitreiking ten opsigte van werk-in-proses
- * Die monitor van redes vir defekte aan toerusting

Die voordeel van hierdie nuwe stelsel is :

- * Versameling van historiese inligting
- * Die toedeling van voorafbepaalde koste in die betrokke maand van die bestelling

- * Meer akkurate bepaling van standaardkoste waar van toepassing
- * Volledige besonderhede van arbeidsbenutting en die doeltreffende benutting van arbeid

Diagram 4.1 is 'n konseptuele oorsig van die WORCS stelsel (Infogold, 1987:)

Die WORCS stelsel word vervolgens bespreek aan die hand van die volgende komponente :

Betrokke departemente
Masjinerie, toerusting en dienste
Dokumentasie
Standaardtariewe en koerse
Rekeningkundige inskrywings
Verslae

4.2 Departemente Betrokke

Die werksinkels en dienste-afdelings word uitsluitlik intern gebruik vir Vaal Reefs en nie vir privaat besighede of ander instansies nie.

Daar is hoofsaaklik 3 departemente betrokke nl:

Die kliënt - alle departemente wat dienste van die werksinkels benodig

die kostedepartement en

die werksinkels of dienste afdelings


Kliënte

Die kliënte is hoofsaaklik produksiedepartemente wat 'n verskeidenheid masjinerie en toerusting besit waarop **herstelwerk en onderhoud** uitgevoer word deur die werksinkels.

INSETTE

VERWERKING VAN DATA

UITSETTE



Kleiner kliënte maak weer hoofsaaklik gebruik van die dienste-afdelings vir die instandhouding van geboue en toerusting (toerusting wat nie beweegbaar is nie).

Koste Departement

Die koste departement van die ingenieursdienste-afdeling is verantwoordelik vir 3 funksies.

1. Die ontvang van insetdokumente en die ponswerk daarvan.
2. Kontrole en beheer van rekeningkundige inskrywings.
3. Die ontvangs en verspreiding van verslae.

Werkswinkels

Tabel 1.2 van hoofstuk 1 is 'n volledige lys van die verskillende werkswinkels en dienste-afdelings. Die funksies van die werkswinkels is om masjinerie en toerusting wat aan die werkswinkel gelewer word, te herstel of onderhoud en instandhouding uit te voer na gelang van die instruksie op die bestelling.

Die dienste-afdelings verrig herstelwerk en instandhouding by die kliënt self.

4.3 Masjinerie, Toerusting en Dienste

Masjinerie, toerusting en ander dienste kan in 4 kategorieë verdeel word :

- (i) masjinerie en toerusting wat op 'n geskeduleerde tydbasis gestuur word vir hersiening en onderhoud;

- (ii) masjinerie en toerusting wat gestuur word om herstel te word omdat dit buitewerking is of weens swak werksverrigting en ander defekte;
- (iii) dienste wat gelewer word in die vorm van herstel en onderhoud aan geboue en toerusting wat nie verwyderbaar is nie soos stoomketels in die hostelle en roetine nasien en onderhoud volgens wetlike vereistes;
- (iv) dienste wat gelewer word soos die vervaardiging van items vir gebruik.

'n Werksbestelling word deur die kliënt uitgereik ten opsigte van elke masjien, toerusting vir onderhoud en herstelwerk en vir versoeke vir die vervaardiging van items. Die werksbestelling ten opsigte van bogenoemde is vir take waarvan die tydsduur 8 ure oorskry.

Ten opsigte van ander dienste, onderhoud en herstelwerk waarvan die tydsduur 8 ure en minder is, word 'n Service Job Record deur die betrokke ambagsman uitgemaak en deur die kliënt gemagtig.

4.4 Dokumentasie

Die dokumentasie wat hierna bespreek word dien as kommunikasie-middel waardeur opdragte deur die kliënt aan die diens verskaffer uitgereik word.

Kommunikasie geskied tussen die kliënt, werkwinkel, koste-departement en bestuur.

4.4.1 Die Werksbestelling

Werksbestelling boeke is in die besit van die onderskeie kliënte.

Die werksbestellingsboek bevat 50 bestellings wat vooraf genommer is en wel in 5 voud. Die vyf kopië word soos volg gebruik :

- 1ste kopie = Meesterskopie
- 2de kopie = I.M.S.-kopie
- 3de kopie = Werkswinkelkopie
- 4de kopie = Kontrole/Voltooiingsadvies
- 5de kopie = Kliëntekopie

Figuur 4.1, bylae A is 'n voorbeeld van die Werksbestelling soos tans in gebruik.

Die werksbestelling is verdeel in Deel A en Deel B.

Deel A

Hierdie gedeelte word deur die kliënt voltooi. Dit is nodig om te let op die volgende toeligting:

- * Transaction Code - dit is die rekenaarkode wat gebruik word om die inligting op die bestelling in die rekenaar te pons.
- * Original Oder No - is die hoof bestelling se nommer.
- * Cost Code - is elke kliënt se vaste kostekode en dit is nodig om te allokeer.

Die res van Deel A is selfverduidelikend.

Deel B

Deel B word deur die betrokke werkswinkel voltooi. Die volgende gedeeltes verg veredere verduideliking:

- * **Type of Order** - dit is 'n kode wat die tipe of aard van die bestelling aandui volgens tabel 4.1.
- * **Workshop Code** - is die kodenommer wat aan elke tipe werkswinkel en diensteseksie toegeken is volgens tabel 1.2 in hoofstuk 1.
- * **Equipment Type** - dui die erkende beskrywing van verskillende tipe toerusting aan byvoorbeeld hoppers, locos, 20Kw winches ens.
- * **Reason for Outside Work** - vereis die kode wat gebruik word om aan te dui waarom van kontrakteurs gebruik gemaak word volgens tabel 4.2.

Tabel 4.1 : Type of Order

KODE	BESKRYWING
1	Routine Overhaul
2	Breakdown Repair
3	Noodonderhoud
4	Kontrakteurs
5	Voorraad vir IMS
6	Selfvervaardiging
7	Interne bestelling
8	Huurarbeid
9	Terreinwerk

Die prosedure van 'n werksbestelling is soos volg :

- (i) Na voltooiing van deel A stuur die kliënt die boonste 4 afskrifte aan die kostedepartement.
- (ii) Die kostedepartement registreer Deel A in die rekenaar en stuur die betrokke 4 afskrifte na die betrokke werkswinkel.

Tabel 4.2 :

VAAL REEFS EXPLORATION AND MINING COMPANY LIMITED REASON FOR OUTSIDE WORK 23 OCT 87 PAGE 4			
CODE	INADEQUATE CAPACITY	CODE	INADEQUATE FACILITY
AA	Excessive Emergency Work	BA	Balancing
AB	Excessive workload	BB	Ceramic coating
AC	Cost Effective	BC	Chrome Plating
AD	Stock inability	BD	Coating and balancing
AE	Inadequate workplace	BE	Com repairs
AF	Machine breakdown	BF	HD rewind
AG	Strike	BG	Heat transfer equipment
AH	Under complement	BH	Heat treatment
AJ	Under strength	BJ	Heavy bending
AK	Unrest	BK	Heavy boring
		BL	Heavy guillotine
		BM	Heavy milling
		BN	Heavy press
		BP	Heavy rolling
		BR	Heavy turning

- (iii) Die werkswinkel voltooi deel B van die werksbestelling en stuur slegs die meester kopie terug na die kostedepartement.
- (iv) Die kostedepartement pons die inligting van deel B in die rekenaar en liasseer die bestelling.
- (v) Indien die dienste van kontrakteurs benodig word, word die IMS kopie aan IMS gestuur.

IMS vul sy eie bestelingsnommer in en stuur die IMS-kopie aan die kostedepartement om die nodige pons werk te doen.
- (vi) Wanneer die taak voltooi is, stuur die werkswinkelvoorman die Kontrole kopie aan die kostedepartement.
- (vii) Die Kontrole kopie dien as voltooiingsadvies en word as sodanig deur die kostedepartement gepons.

4.4.2 Service Job Record

Die Service Job Record vervul dieselfde doel en funksie as 'n werksbestelling. 'n Service Job Record word gebruik vir take wat dieselfde dag afgehandel word teenoor take met 'n werksbestelling wat langer as 'n dag duur.

Figuur 4.2, bylae A is 'n voorbeeld van die Service Job Record wat gebruik word. Die inligting wat op hierdie dokument benodig word is dieselfde wat op die werksbestelling benodig word.

Die prosedure by die hantering van hierdie dokument is soos volg :

- (i) Die ambagsman besoek verskeie roetine werksareas.
- (ii) Daar word vasgestel watter herstelwerk en onderhoud verrig moet word.
- (iii) By die hostelle word 'n lys van take aan die ambagsman gegee.
- (iv) Vir elke herstelwerk, onderhoud of afgehandelde taak word 'n Service Job Record aan die hostelle uitgereik.
- (v) Aan die einde van die dag word alle Service Job Records deur die Hostel bestuurder of gemagtigde onderteken.
- vi) Die kostedepartement pons die nodige inligting in die rekenaar en liasseer die oorspronklike dokument.

4.4.3 Rekwisisie

Die rekwisisie word gebruik om items of onderdele uit die stoor te trek. Die items of onderdele word direk teen die betrokke werksbestelling getrek.

Figuur 4.3 bylae A is 'n voorbeeld van 'n rekwisisie in gebruik.

Vaal Reefs maak gebruik van 'n sentrale stoor wat bekend staan as I.M.S. I.M.S. staan vir "Inter Mine Services".

I.M.S. maak gebruik van 'n gerekenariseerde stelsel. Die stelsel van IMS vorm 'n koppelvlak van WORCS wat transaksies outomaties oordra in WORCS.

Die rekwisisie is selfverduidelikend en vereis nie bekendstelling nie.

4.4.4 Buffer Store Material Costs:

Elke werkswinkel en diensdepartement besit 'n klein hoeveelheid voorraad wat gebruik word om take te verrig. Hierdie voorraad staan dan bekend as buffer voorraad.

Figuur 4.4 bylae A dien as voorbeeld van 'n Buffer Store Material Costs dokument. Hierdie dokument is selfverduidelikend. Die hoofdoel van hierdie dokument is om die koste van die voorraad gebruik uit die Buffer Stoor toe te deel aan 'n kliënt (werksbestelling of Service Job Record).

Die prosedure in die hantering van hierdie dokument is soos volg :

- (i) Die ambagsman voltooi die dokument ten opsigte van alle voorrade uit die buffer stoor geneem.
- (ii) Die voorman sertifiseer die dokument as korrek ongeag die hoeveelheid inskrywings op die dokument.
- (iv) Die dokument word daagliks aan die kostedepartement besorg.
- (v) Die nodige ponswerk word deur die kostedepartement gedoen.

4.4.5 Artisan Time Record

Enige taakkostestelsel is gebaseer op arbeid en materiaal. Ten einde die korrekte arbeidskoste te allokeer asook verslag te doen oor arbeidsdoeltreffendheid, is 'n besondere dokument nodig om aan hierdie vereistes te voldoen.

'n Voorbeeld van sodanige dokument is figuur 4.5 bylae A wat genoem word Artisan Time Record. Hierdie dokument het besondere kenmerke.

* Die hoeveelheid en soort verlore tyd word aangedui met 'n kode. Tabel 4.3 is 'n volledige lys van verlore tyd.

Tabel 4.3 : (Verlore tyd)

VAAL REEFS EXPLORATION AND MINING COMPANY LIMITED			
CODE	LOST TIME	CODE	ABSENCE
A	Cleaning Machines	1	Accident
B	Machine Breakdown	2	Annual leave
C	Material Specifications	3	E.P.U.
D	Meetings	4	Lay-off time
E	Minor Accidents	5	Loan out
F	N.D.E. Failures	6	Medical bureau
G	Relieving	7	Military Leave
H	Safety Films	8	Public Leave
J	Samples inadequate	9	Sick Leave
K	Sketches inadequate	10	Training
L	Time not logged	11	With permission
M	Transport of material	12	Without permission
P	Unrest	13	Strike
R	Waiting for Foreman		

- * Hierdie dokument word voltooi elke dag vir elke ambagsman.
- * Daar is verhaalbare sowel as nie-verhaalbare tyd wat aangedui word.
- * Die hoeveelheid ure as gevolg van afwesigheid word aangedui met 'n kode. Tabel 4.3 is 'n volledige lys van afwesigheid.

Die Artisan Time Record word daagliks deur die ambagsman voltooi en deur sy voorman bevestig. Die dokument word die volgende dag aan die kostedepartement besorg wat die nodige ponswerk verrig.

4.4.6 Ander Dokumente

Daar is nog verskeie ander dokumente wat gebruik word, maar 'n minder alledaagse funksie het.

- * Registrasie of verandering van werkswinkel kodes
Hierdie dokument word gebruik om verandering in die rekenaar se meesterleër aan te bring.
Veranderinge is byvoorbeeld die toevoeging van 'n bykomende werkswinkel of die verandering van bestaande werkswinkelkodes.
- * Planned Absence
Indien 'n ambagsman van die werk afwesig sal wees vir 'n maand en langer as gevolg van verlof, militêre diesplig, ens., dan is dit beplande afwesigheid.

Om onnodige dokumentasie vir elke dag uit te skakel soos Artisan Time Record tydens beplande afwesigheid, word sodanige inligting op die meesterleër aangebring deur middel van 'n planned absence vorm.

4.5 Standaardtariewe en Koerse

Standaardtariewe en koerse word bereken vir die volgende.

- (i) Materiaal/Onderdele
- (ii) Arbeid
- (iii) Geskeduleerde Onderhoud

4.5.1 Materiaal/Onderdele

Vir alle materiaal en onderdele wat deur IMS verskaf word, word 'n standaardwaarde bepaal.

Hierdie standaardwaarde word jaarliks deur IMS self vasgestel sonder noodwendige bydraende insette van die werkswinkels. Daar is geen standaardwaarde of tarief vir materiaal in die bufferstoor nie.

4.5.2 Arbeid

'n Standaard arbeidstarief per uur vir die betrokke ambagsmanne word bereken. Die arbeidstarief verskil van werkswinkel tot werkswinkel.

Die berekening van die arbeidstarief word gedoen deur.

Arbeidsure te bepaal en
die arbeidstarief te bereken

(i) Bepaling van arbeidsure

Die totale beskikbare arbeidsure per jaar word bereken met inagneming van die volgende.

- * Slegs ambagsmanne kan koste verhaal.
- * Die voorman word deur 'n ambagsman afgelos tydens sy vakansie.
- * Die leierhand word afgelos deur 'n ambagsman tydens sy vakansie.
- * Selgs een ambagsman per maand kry verlof.
- * Ambagsmanne werk vasgestelde ure naamlik 187 ure per ambagsman of 24 skofte per maand.
- * Die voorman se verlof duur 187 ure.
- * Die leierhand se verlof duur 187 ure.

Berekening :

Ambagsmanne	12 per maand
Leierhand	1 per maand
<u>Voorman</u>	<u>1</u>
Totaal	14
<u>Min verlof</u>	<u>1</u>
	<u>13</u>
13 x 187 ure	= 2 431 ure per maand
	x 12
	= 29 172 ure per jaar
Min verlof : Voorman	187
Leierhand	<u>187</u>
Totale beskikbare ure	<u>28 798</u> per jaar

(ii) Arbeidstarief

Die arbeidstarief word bereken met inagneming van die volgende :

- * Die totale jaarlikse kostebegroting van die werkswinkel.
- * Die koste sluit materiaal en onderdelekostes vir die gebruik van onderhoud en herstelwerk uit.

Berekening

Werkswinkel Begrote Koste

Totale beskikbare ure

= R/per uur

4.6 Rekeningkundige inskrywings

4.6.1 Inleiding

Alvorens die rekeningkundige transaksies ontleed word is dit nodig om kortliks te verwys na die funksionering van en prosedures ten opsigte van die rekenaar

- (i) Geen rekeningkundige transaksie ten opsigte van 'n werksbestelling vind plaas nie, tensy deel A van sodanige werksbestelling geregistreer is.
- (ii) Die voorlopige materiaal koste soos in deel B van die werksbestelling word gepons in die rekenaar.

- (iii) Die arbeidsure in deel B van die werksbestelling teen die standaard arbeidstarief van toepassing op die betrokke werkswinkel, word omgerekend in 'n arbeidskoste deur die rekenaar.
- (iv) Die Buffer Store Material Costs en die Artisan Time Record word daaglik in die rekenaar gepons.
- (v) Weeklik (Vrydae) word 'n "Update Run" gedoen wat beteken :
- * Voorlopige koste word toegedeel
 - * Werklike kostes van onvoltooide werk word geakkumuleer en gestoor
 - * Werklike kostes van voltooide werk word vergelyk met voorlopige kostes en verskille word of gedebiteer of gekrediteer.
 - * Deur middel van WORCS se interaksie met IMS se stelsel en direkte store word inligting oorgedra en ooreenkomstig hanteer
- (vi) Op maand einde word 'n "monthly run" gedoen wat dieselfde prosedure volg as die "weekly run", plus die volgende:
- Nadat alle werklike transaksies van voltooide werk afgehandel is, word sodanige bestellings outomaties van die stelsel afgehaal.

Met die voorafgaande in gedagte word eie rekeningkundige inskrywings gemaak soos in die volgende voorbeeld geïllustreer.

Kliënt Oos, seksie 51 reik werksbestelling Nr 111128 uit vir die herstel van 'n "winch" aan werkswinkel Nr 8.

Werkswinkel 8 bepaal die voorlopige koste aan materiaal op R1800 en 40 arbeidsure teen 'n tarief van R30 per uur.

4.6.2 Inskrywings

Inskrywing 1

Kliënt Kode 12811170498001

Bestelling 111128 Dt R3000

Afwagrekening Nr 9612575 Kt R3000

Toedeling van berekende voorlopige koste aan Oos Seksie 51.

Gedurende die opvolgende week word die volgende dokumente ten opsigte van werklike werksaamhede ingehandig:

Artisan Time Records	32 ure
Buffer Store	R300
IMS Store	R650

Inskrywing 2

Bestelling 111128 Werk-in-proses Dt R1910

Werkswinkel 08 Arbeid Kt R960

Werkswinkel 08 Materiaal Kt R300

IMS Store Materiaal Kt R650

Akkumulاسie van werklike arbeid en materiaalkostes ten opsigte van bestelling 111128

Gedurende die daaropvolgende week word die bestelling voltooi en afgehandel met die inhandiging van die volgende dokumente :

Artisan Time Records	12 ure
Buffer Store	R260
IMS Store	R420

Inskrywing 3 :

Bestelling 111128 Werk-in-proses Dt R1040
Werkswinkel 08 Arbeid Kt R360
Werkswinkel 08 Materiaal Kt R260
IMS Store Materiaal Kt R420
Werklike koste ten opsigte van arbeid en materiaal
koste betrekking tot bestelling 111128

Inskrywing 4 :

Bestelling 111128 Afwagrekening 9612575 Dt R3000
Kliënt kode 128 111 7049 8001 Kt
R3000
Terugskrif van voorlopige koste by afhandeling van
bestelling 111128

Inskrywing 5 :

Bestelling 111128
Kliënt Kode 12811170498001 Dt R2950
Werk-in-proses Kt R2950
Finale afhandeling van voltooide werk soos
per bestelling 111128

Die grootboekrekeninge ten opsigte van hierdie
joernaal transaksie word in tabel 4.4 getoon.

4.7 Verslae :

Voorafgeformateerde verslae is 'n vereiste vir die
taakkostestelsel. Inligting moet vrylik beskikbaar wees
om ad hoc verlae te lewer aan die bestuur.

Die verslae kan verdeel word in 4 basiese groepe nl:

- (i) Verslae aan kliënte

- (ii) Verslae aan werkswinkels
- (iii) Bestuursverslae
- (iv) Finansiële verslae

Verslae is genommer in die boonste linkerhoek.

Tabel 4.4 Grootboekrekeninge

KLIËNT KODE 128 111 7049 8001 1. Bestelling			
1. Bestelling 111128	R3 000	4. Bestelling 111128	R3 000
5. Bestelling 111128	<u>R2 950</u>	Saldo	<u>R2 950</u>
	<u>R5 950</u>		<u>R5 950</u>
AFWAGREKENING 9612575			
4. Bestelling 111128	<u>R3 000</u>	1. Bestelling 111128	<u>R3 000</u>
WERK-IN-PROSES			
2. Bestelling 111128	R1 910	5. Bestelling 111128	R2 950
3. Bestelling 111128	<u>R1 040</u>		
	<u>R2 950</u>		<u>R2 950</u>
WERKSWINKEL NR 10			
Saldo	<u>R1 880</u>	2. Bestelling 111128	R1 260
	<u>R1 880</u>	3. Bestelling 111128	R 620
		Saldo	<u>R1 880</u>
			R1 880
I.M.S.			
Saldo	<u>R1 070</u>	2. Bestelling 111128	R 650
	<u>R1 070</u>	3. Bestelling 111128	R 420
			<u>R1 070</u>
			R1 070

4.7.1 Verslae aan Kliënte

- 1. Verslag TWA 1340

Beskrywing

Hierdie verslag is 'n volledige werksbestelling verslag.

Beskikbaarheid

Die verslag is beskikbaar weekliks en op aanvraag.

Doel

Die doel van hierdie verslag is om volledige verslag aan die kliënt te lewer ten opsigte van elke bestelling met betrekking tot inligting oor arbeidsure, arbeidskoste, Buffer materiaal ("Additional Charges"), sub bestellings, IMS materiaal en kontrakteurskoste.

Figuur 4.6 bylae B demonstreer 'n volledige werksbestellings verslag.

2. Verslag TWOB 1440

Beskrywing

Hierdie verslag is 'n voltooië werksbestellings koste verslag.

Beskikbaarheid

Die verslag word maandeliks outomaties beskikbaar gestel.

Doel

Die kliënt word ingelig rakende arbeidskoste en materiaal koste ten opsigte van voltooië en afgehandelde bestellings. Hierdie verslag dien ook as 'n kontrole om vas te stel of toerusting terugontvang is.

'n Voorbeeld ten opsigte van 'n Voltooide Werksbestelling Koste verslag. Figuur 4.7 bylae B illustreer sodanige verslag.

3. Verslag TWOB 1660

Beskrywing

Hierdie verslag is 'n volledige vorderingsverslag van bestaande bestellings.

Beskikbaarheid

Die verslag is beskikbaar weekliks en maandeliks. Hierdie verslag kan ook op aanvraag beskikbaar gestel word.

Doel

Die verslag verskaf inligting aan kliënt rakende werk-in-proses. Die verslag verskaf 'n vergelyking tussen geskatte koste en werklike koste op die datum van die werk-in-proses.

Figuur 4.8 bylae B is 'n voorbeeld van 'n Vorderingsverslag van bestaande bestellings.

4.7.2. Verslae aan Werkswinkels

1. Verslag TWOB 1440

Daar is reeds verwys na hierdie verslag in 4.7.1 punt 2 en dit is ook gedemonstreer in Figuur 4.7 bylae B. Hierdie verslag stel die werkswinkel in kennis van voltooide bestellings sowel as van die akkuraatheid van geskatte koste.

2. Verslag TWOB 1460

Beskrywing

Hierdie is 'n verslag wat aandui alle afgehandelde werksbestellings.

Beskikbaarheid

Die verslag is beskikbaar maandeliks en ook op aanvraag.

Doel

Tans is hierdie verslag bykans 'n duplisering van verslag TWOB 1440, en is daarom nie baie nuttig nie.

Figuur 4.9 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWOB 1460.

3. Verslag TWOB 1610

Beskrywing

In hierdie dokument word verslag gedoen van werksbestellings wat binne 7 dae van beplande voltooiingsdatum is.

Beskikbaarheid

Die verslag word weekliks outomaties beskikbaar gestel.

Doel

Hierdie verslag dien as 'n waarskuwing aan die werkwinkel voorman dat die lys bestellings binne 7 dae voltooi behoort te wees volgens beplanning.

Die verslag dien ook as 'n beplannings instrument vir die werkswinkel voorman om sy werkslading te herbeplan en te herskeduleer.

Figuur 4.10 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWOB 1610.

4. Verslag TWOB 1620

Beskrywing

In hierdie verslag word aangedui of daar oorbesteding plaasgevind het in die proses van afhandeling van 'n werksbestelling.

Beskikbaarheid

Die verslag is outomaties weekliks beskikbaar.

Doel

Hierdie verslag stel die werkswinkel voorman in kennis van alle werk-in-proses wat reeds die beplande (geskatte) arbeids- en materiaalkoste oorskry het. Hierdie verlag is baie nuttig en word gebruik om koste te beheer.

Figuur 4.11 bylae B dien as voorbeeld van verslag TWOB 1620.

5. Verslag TWOB 1630

Beskrywing

In hierdie verslag word aangedui die werksbestellings wat by die beplande voltooiings datum, onvoltooid is.

Beskikbaarheid

Hierdie verslag word weekliks outomaties beskikbaar gestel.

Doel

Die werkswinkelvoorman word ingelig oor alle werksbestellings wat onvoltooid is en die beplande voltooiings datum oorskry het.

Hierdie verslag verdeel bestellings uitstaande in:

- * minder as 14 dae uitstaande
- * meer as 14 maar minder as 21 dae uitstaande
- * meer as 21 dae maar minder as 28 dae uitstaande
- * meer as 28 dae uitstaande

Figuur 4.12 bylae B dien as voorbeeld van verslag TWOB 1630

6. Verslag TWOB 1700

Beskrywing

Hierdie dokument is 'n volledige arbeidsverslag.

Beskikbaarheid

Hierdie verslag word weekliks outomaties beskikbaar gestel.

Doel :

Hierdie dokument bestaan uit twee dele.

1. In die verslag word inligting aan die voorman verskaf ten opsigte van elke ambagsman wat arbeid geboek het deur die Artisan Time Record ten opsigte van werk gedurende die vorige week.

2. Dit sluit ook 'n opsommingsverslag van die vorige week in wat aan die ingenieur voorsien word.

Figuur 4.13 bylae B is 'n voorbeeld van 'n arbeidsverslag aan die voorman.

Figuur 4.14 bylae B is 'n voorbeeld van 'n arbeidsomsonning verslag aan die ingenieur.

7. Verslag TWOB 1730

Beskrywing

In hierdie verslag word aangedui of daar arbeidsure uitstaande is.

Beskikbaarheid :

Die verslag is outomaties op 'n daaglikse basis beskikbaar.

Doel :

Hierdie verslag hou die voorman op hoogte van werklike ure gewerk deur middel van die Artisan Time Record vir die ambagsmanne.

Die verslag toon ook aan minder ure werklik gewerk as wat 'n ambagsman veronderstel is om te werk.

Figuur 4.15 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWOB 1730.

8. Verslag TWOB 2700

Beskrywing

In hierdie verslag word die beweging van werksbestellings opgeteken.

Beskikbaarheid

Die verslag is outomaties op 'n maandelikse basis beskikbaar.

Doel

Hierdie verslag word deur die werkswinkel voorman gebruik vir die herskedulering van die werkslading in die werkswinkel.

Figuur 4.16 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWA 2700.

4.7.3 Bestuursverslae

1. Verslag TWOB 1710

Beskrywing

In hierdie verslag word die arbeidsure en arbeidskoste opgesom maandeliks en jaar tot datum.

Beskikbaarheid

Die verslag is outomaties op 'n maandelikse basis beskikbaar.

Doel

In hierdie verslag word inligting aan die bestuur verskaf aangaande elke werkswinkel ten opsigte van arbeidsproduktiwiteit en effektiwiteit in terme van arbeidsure en die waarde daarvan.

Figuur 4.17 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWOB 1710.

2. Verslag TWA 2310

Beskrywing

In hierdie verslag word aangeteken die redes waarom 'n werksbestelling aan kontrakteurs toegeken is.

Beskikbaarheid

Die verslag is slegs op aanvraag beskikbaar.

Doel

Die verslag verskaf inligting ten opsigte van bestellings wat toegeken is aan kontrakteurs. Redes word verstrek waarom bestellings toegeken is aan kontrakteurs en dien ook om 'n vergelyking te tref tussen die werkswinkel se standaardkoste en die koste van die kontrakteurs.

Figuur 4.18 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWA 2310.

3. Verslag TWA 2410

Beskrywing

Die verslag bevat 'n opsomming van die kostes van die toerusting ten opsigte van werk afgehandel.

Beskikbaarheid

Die verslag is outomaties maandeliks beskikbaar en ook op aanvraag.

Doel

Die verslag verskaf inligting ten opsigte van kostes vir werk wat voltooi is en op grond daarvan kan beplande koste en werklike koste vergelyk word.

Figuur 4.19 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWA 2410.

4. Verslag TWA 2610

Beskrywing

Die verslag bevat inligting rakende die status van elke werksbestelling.

Beskikbaarheid

Die verslag is outomaties op 'n maandelikse basis beskikbaar.

Doel

Hierdie verslag is ook handig vir die werkswinkel voorman en koste departement aangesien die status van bestellings vir elke werkswinkel daarin aangetoon word.

Figuur 4.20 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWA 2610.

4.7.4 Finansiële Verslae

1. Verslag TWA 1300

Beskrywing

In hierdie verslag word aangetoon die proefbalans van voorrade en ekstra koste.

Beskikbaarheid

Die verslag kan beskikbaar gestel word op aanvraag, weekliks en maandeliks.

Doel

Balansering met IMS store en buffer store te bekragtig. Dien ook as alarm vir foute.

Figuur 4.21 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWA 1300.

2. Verslag TWA 1350

Beskrywing

Hierdie verslag bevat die joernaarbewyse van die stelsel.

Beskikbaarheid

Die verslag is alleenlik weekliks beskikbaar.

Doel

Die verslag dien as oudit bewys van alle joernaal bewyse wat gegenerer is en is ook 'n hulpmiddel om foute reg te stel. Vier verskillende joernaal bewyse word geproduseer.

- * voorlopige koste
- * buffer stoor
- * arbeid
- * reallokasies soos gedoen aan die einde van die maand

Figuur 4.22 bylae B is 'n voorbeeld van een van die TWA 1350 verslae.

3. Verslag TWA 1390

Beskrywing

Hierdie verslag bevat IMS stoor totale oorgeplaas na WORCS.

Beskikbaarheid

Die verslag word outomaties weekliks beskikbaar gestel.

Doel

Die verslag dien hoofsaaklik as 'n oudittoets en om store te balanseer met die IMS "Interface".

Figuur 4.23 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWA 1390.

4. Verslag TWA 1410

Beskrywing

Hierdie dokument bevat 'n volledige rekonsiliasie verslag ten opsigte van werk-in-proses.

Beskikbaarheid

Die verslag word slegs weekliks en maandeliks op aanvraag geproduseer.

Doel

Hierdie verslag rekonsilieer alle transaksies na en van die werk-in-proses rekening. Die verslag word ook gebruik om beheer uit te oefen oor die werk-in-proses rekening.

Figuur 4.24 bylae B is 'n voorbeeld verslag TWA 1410.

5. Verslag TWOB 1680

Beskrywing

Die verslag is 'n volledige werksbestelling proefbalans.

Beskikbaarheid

Hierdie verslag is weekliks en maandeliks op aanvraag beskikbaar.

Doel

Hierdie is 'n maklike verwysingsverslag vir interne gebruik. Dit is ook nuttig om die werk-in-proses rekening te beheer.

Figuur 4.25 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWOB 1680.

6. Verslag TWOB 1695

Beskrywing

Die verslag bevat inligting rakende transaksies wat foutief gepons is deur IMS.

Beskikbaarheid

Die verslag is op 'n weeklikse basis beskikbaar.

Doel

Hierdie verslag help die kosteafdeling om foute met IMS vas te stel en om die nodige regstellende stappe te neem sodat vertragings verminder kan word.

Figuur 4.26 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWOB 1695.

7. Verslag TWOB 2750

Beskrywing

Die ouditbewyse van daaglikse inskrywings word in hierdie verslag vervat.

Beskikbaarheid

Dit is daaglik beskikbaar.

Doel

Hierdie verslag bevat alle transaksies wat die vorige dag in die stelsel gepons is.

Figuur 4.27 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWOB 2750.

8. Verslag TWOB 2760

Beskrywing

Hier word op 'n daaglikse basis verslag gedoen van foutiewe transaksies.

Beskikbaarheid

Die verslag is elke dag beskikbaar.

Doel

Hierdie verslag bevat 'n lys van alle foutiewe transaksies wat deur die stelsel aanvaar is.

Figuur 4.28 bylae B is 'n voorbeeld van verslag TWOB 2760.

4.8 Samevatting

4.8.1 Bevinding

- i) Die prosedure van die werksbestelling behoort gewysig te word deurdat die kliënt in Deel A van die werksbestelling duidelik moet aantoon indien 'n kwotasie verlang word. Indien geen kwotasie vereis word nie, moet die kliënt die werksbestelling sowel as met die toerusting aan die werkwinkel lewer.

- ii) Die bepaling van korrekte bokoste is goeie rekeningkundige praktyk. Dit is dus noodsaaklik om voorsiening te maak vir die volgende ten opsigte van bokoste :
- * Daar moet 'n bokostestaat opgestel word om die nodige inligting aan te teken, sodat bokoste bereken kan word vir elke taak wat verrig is.
 - * Die bokostetarief moet bereken word.
- iii) Ten opsigte van standaardtariewe en koerse, het die volgende aandag nodig.
- * Die persentasie waarmee die pryse van buffervoorraad verhoog word, moet deur bestuur bepaal word om hanterings en afleweringkoste te verhaal.
 - * By die berekening van die arbeidsuurtarief moet slegs arbeidskoste in berekening gebring word, en nie al die werkswinkel kostes nie.
- iv) Om te voldoen aan die vereistes van algemene rekeningkundige praktyk en standarde, moet bokoste as 'n komponent getoon word in die rekeningkundige transaksies.
- v) Alhoewel verslae eie is aan elke onderneming moet bokoste as sodanig aangedui word op verslae, net soos wat arbeid en materiaal aangedui word.

4.8.2 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat daar tans leemtes en tekortkominge in die taakkostestelsel is wat gebruik word.

Die leemtes is gespesifiseer in paragraaf 4.8.1. Die huidige stelsel funksioneer doeltreffend ten spyte van die leemtes en tekortkominge.

4.9 Slot :

In die volgende hoofstuk (Hoofstuk 5) word 'n voorgestelde model vir 'n taakkostestelsel gegee.

Die aandag sal gevestig word op die tekortkominge en leemtes in die huidige stelsel om sodoende 'n verbeterde taakkostestelsel te probeer daarstel.

Tot in hierdie stadium van die studie is aandag geskenk aan:

- i) Die aard en omvang van die studie
- ii) Kousale faktore tot die studie
- iii) Teoretiese navorsing
- iv) Taakkostestelsel in die praktyk

HOOFSTUK 5

VOORGESTELDE MODEL

5.1 Inleiding

Nadat die teorie (Hoofstuk 3) met 'n taakkostestelsel in die praktyk vergelyk is, is bevindings gemaak soos reeds bespreek in paragraaf 4.8.1. van Hoofstuk 4.

Die regstelling van die leemtes en tekortkominge soos gespesifiseer in paragraaf 4.8.1 van Hoofstuk 4 word geïnkorporeer in die voorgestelde model.

5.2 Doelwitte

Die doelwit van hierdie hoofstuk is om 'n voorgestelde taakkostestelsel voor te stel wat oorweeg kan word.

Die sekondêre doelwit is om die leemtes en tekortkominge van die huidige stelsel aan te toon.

5.3 Bespreking van moontlike model

5.3.1 Masjinerie en Toerusting

Die kategorisering van masjinerie, toerusting en ander dienste soos uiteengesit hierna, funksioneer tans doeltreffend. Bestuur is tevrede met die huidige kategorieë en geen wysigings is nodig nie.

5.3.1.1 Geskeduleerde Onderhoud

Masjinerie en toerusting word volgens 'n beplande geskeduleerde tydtafel nagesien sodat dit op 'n deurlopende basis onderhou word.

5.3.1.2 Herstelwerk

Masjinerie en toerusting wat nie doeltreffend funksioneer nie en wat onklaar geraak het, moet herstelwerk ondergaan om weer gebruik te kan word.

5.3.1.3 Dienste

Daar word dienste gelewer in die vorm van herstel, onderhoud en konstruksie van nuwe geboue.

Herstelwerk en onderhoud word ook gelewer aan departemente waar die betrokke toerusting nie aan die werksinkels gestuur kan word nie.

Roetine-onderhoud aan toerusting volgens wetlike vereistes word ook gedoen.

5.3.1.4 Vervaardiging

Dienste word gelewer deur Central Salvage deur die vervaardiging van items, byvoorbeeld "S Hooks" wat deur ander departemente gebruik word.

5.3.2 Dokumentasie

Die doel van die verskillende dokumentasie is om alle werksaangeleenthede ten opsigte van arbeid, materiaal en bokoste op rekord te hou soos uiteengesit in hoofstukke 4 en 5.

Dokumentasie kan beskou word as 'n kommunikasie-
middel tussen

- * kliënt en werkswinkel;
- * werkswinkel en kostedepartement;
- * kostedepartement en kliënt, werkswinkel en bestuur.

Die verskillende dokumente soos uiteengesit in hoofstuk 4 word vervolgens gegee.

5.3.2.1 Die Werksbestelling

Formaat

Die formaat en uitleg van die werksbestelling word bepaal volgens die behoefte en vereistes van die onderneming self.

Die huidige werksbestelling voldoen aan die vereistes van Vaal Reefs Exploration and Mining Company Limited. Daar is geen wysiging aan die werksbestelling nodig nie.

Prosedure

Die volgende wysigings aan die hanterings prosedure word aanbeveel:

1. Indien geen kwotasie benodig word nie, moet die werksbestelling saam met die toerusting aan die werkswinkel gelewer word.
2. Die werkswinkel stuur die werksbestelling na die kostedepartement nadat Deel B voltooi is.

Daar is verskeie voordele aan hierdie wysigings verbonde:

1. Die inligting op die werksbestelling word in die rekenaar ingesleutel terwyl die masjinerie en toerusting reeds in besit is van die werkswinkel.

Tans gebeur dit dat die werkswinkel tot 14 dae en selfs langer wag vir masjinerie en toerusting nadat die werksbestelling reeds in die rekenaar ingevoer is.

2. Die berekening van die vooruitgeskatte voltooiingsdatum is moontlik omdat die werkswinkel beter beheer oor die beplanning het.

5.3.2.2 Service Job Records

Hierdie dokument vervul dieselfde funksie as die werksbestelling. Die Service Job Record word slegs gebruik vir take wat afgehandel kan word op dieselfde dag wat dit uitgeriek is.

Die Service Job Record het dus geen verandering nodig nie.

Die huidige prosedure funksioneer goed en voldoen aan die behoefte van alle partye betrokke. Geen verandering of wysiging is nodig nie.

5.3.2.3 Rekwisisie

Die doel van die rekwisisie is hoofsaaklik om skriftelike bewys te hê van onderdele en materiale wat uit die stoor getrek is.

Die dokument beantwoord goed aan die maatskappy se huidige en toekomstige vereistes en geen wysiging is dus nodig nie.

Die prosedure funksioneer goed en voldoen aan alle vereistes. Geen wysiging of verandering ten opsigte van die prosedure is dus nodig nie.

5.3.2.4 Buffer Store Material Costs

Die werksinkels besit elk 'n buffer stoor waaruit materiaal en onderdele gebruik word.

Die koste van materiale en onderdele wat gebruik is word in hierdie dokument vervat. Die doel en gebruik is voldoende en geen wysiging of verandering in hierdie verband is nodig nie.

Die prosedure en hantering van hierdie dokument voldoen aan die rekeningkundige vereistes en het geen verandering of wysiging nodig nie.

5.3.2.5 Artisan Time Record

Die doel van die Artisan Time Record is om arbeidsure te dokumenteer, maar ook om die volgende inligting te dokumenteer.

1. verlore tyd;
2. oortyd;
3. afwesig van werk.

Uit die oogpunt van Vaal Reefs voldoen die prosedure en doel van die Artisan Time Record aan die nodige vereistes en standaarde. Geen wysiging is nodig nie.

5.3.2.6 Ander Dokumente

Die dokumente waaroor dit hier gaan is die

1. registrasie/verandering van werksinkels en
2. "Planned Absence".

Hierdie dokumente voldoen aan die vereistes van die stelsel. Geen verandering of wysiging is nodig nie.

5.3.2.7 Bokostestaat

Die bokostestaat is heeltemal 'n nuwe dokument. Tans word bokoste nie as 'n afsonderlike komponent hanteer nie. Die eienskappe en gebruik van die bokostestaat word bepaal deur die vereistes van die inligting wat benodig word.

Die uitleg en standaard formaat van die bokoste staat sal deur die onderneming self opgestel word. Die onderneming sal die dokument self opstel om aan hul behoeftes te voldoen en om by die stelsel in te skakel.

Daar word aanbeveel dat 'n bokostestaat opgestel word. Die bokostestaat moet so daar uitsien dat die inligting daarop georden sal wees. Dit sal die taak van die pons operateur vergemaklik.

Die bokostestaat moet voorsiening maak vir inligting ten opsigte van:

- 1) die werksinkelnummer en naam;
- 2) die voorafgenommerde staat;

- 3) die nommer van die bron dokument en
- 4) die ure toegedeel aan die taak

Die stelstel program moet aangepas word sodat 'n eenmalige tarief vir 'n bepaalde werkswinkel gepons word. Hierdie gegewens word in die rekenaar se geheue gestoor. Dit verhoed dat die ponsoperateur met elke bokostestaat 'n tarief moet insleutel.

5.4 Standaard tariewe in koerse

Dit is eie aan 'n taakkostestelsel dat standaardtariewe en koerse gebruik word. Die volgende standaardtariewe en koerse soos in hoofstuk 4 genoem, word bespreek

5.4.1 Materiale/Onderdele

Materiale en onderdele word deur die volgende verskaffers aan die werksinkels voorsien:

1. Inter Mine Services (I M S)

I M S is 'n organisasie in die Anglo American groep wat slegs voorrade koop en aan die myn lewer.

Die tariewe van materiale en onderdele word deur I M S self bepaal. Die tariewe is standaardtariewe. Indien 'n item se prys hoër is as die standaardtarief is dit onbeheerbare koste.

I M S plaas die standaardtariewe op rekenaar. Deur die verwerking van rekwisies, integreer I M S se stelsel met W O R C S en word die koste outomaties oorgeplaas in die taakkostestelsel.

2. Buffer Store

Die koste van materiaal wat ontvang word uit die buffer stoor, word aangetoon op die addisionele koste-advies.

Die koste is nie slegs die materiaal se aankoop prys nie, maar word verhoog met 'n onbepaalde persentasie of bedrag. Hierdie persentasie of bedrag aanpassing word onwillekeurig bepaal deur die werkswinkelvoorman.

Die uitsluitlike doel van hierdie aanpassing is om verborge koste te verhaal. Die onbeheerde aanpassing lei daartoe dat wanpraktyk plaasvind. Die voorman gebruik hierdie skuiwergat om kostes te verhaal om sodoende sy kostestaat goed te laat lyk.

Aangesien bokoste wat 'n nuwe komponent in die taakkostestelsel is, moet voorsiening gemaak word om bokoste (oorhoofse) te verhaal. Die pryse van bufferstoor materiaal moet op nuut bepaal word.

Die aanbeveling is dat bufferstoor materiaal se pryse slegs aangepas word met 'n geringe persentasie na goeddunke van bestuur. Hierdie persentasie-aanpassing maak voorsiening vir hatering- en afleweringkoste.

5.4.2 Arbeidstarief

1. Koste

Tans word die totale begrotingskoste van die werkswinkel gebruik om 'n arbeidsuurtarief te bepaal.

As gevolg van hierdie metode is die arbeidsuurtarief van die werksinkels hoog en vergelyk dit ongunstig met kontrakteurs se arbeidsuurtariewe.

Om te verseker dat die werksinkels se arbeidstariewe goedkoper is as kontrakteurs se arbeidstariewe word aanbeveel dat

- slegs arbeidskoste moet in berekening gebring word om arbeidsuurtarief te bepaal.

2. Arbeidsure

Deur die jare word die arbeidsure bepaal volgens paragraaf (i) van punt 4.5.2 in hoofstuk 4.

Die metode voldoen aan die aanvaarde norm, sowel as aan die behoefte van die onderneming. Geen verandering of wysiging is nodig nie.

5.4.3 Bokoste tarief

Soos reeds genoem is bokoste 'n nuwe komponent.

Dit word aanbeveel dat die metode van arbeidsuurbasis oorweeg sal word vir gebruik. Die arbeidsuurtarief vir bokoste word bepaal deur die verhouding tussen begrote bokoste en begrote direkte arbeidsure.

Die arbeidsuurtarief word soos volg bereken;

$$\frac{\text{Begrote Bokoste}}{\text{Begrote Direkte Arbeidsure}} = R/\text{uur}$$

Na verwagting sal die metode met die minste moeite en veranderinge by die huidige stelsel ingeskakel kan word.

5.5 Rekeningkundige inskrywings

Met die uitsondering van bokoste voldoen die huidige stelsel aan die rekeningkundige praktyk en standaarde.

Om bokoste in te sluit as 'n aparte komponent en te voldoen aan rekeningkundige norme is dit noodsaaklik dat die nodige rekeningkundige inskrywings gedoen word naamlik;

DT Werk-in-proses
KT Werkswinkelbokoste

Om die bokostekomponent te laat funksioneer, is dit dus aan te bevele dat die rekeningkundige inskrywings aangepas word.

5.6 Verslae

Aangesien bokoste 'n nuwe komponent is, is dit noodsaaklik dat bokoste as 'n eie koste op die huidige verslae geïnkorporeer word.

Die toekomstige verslae is dus die huidige verslae wat aangepas is om bokoste te akkommodeer.

Om nuwe verslae in die vooruitsig te stel, is egter nie wenslik nie, omdat verslae aangepas en verander word om die behoefte van die kliënt, werkswinkel en bestuur te bevredig.

5.7 Slot

Die huidige taakkostestelsel funksioeneer doeltreffend. Dit blyk uit die voorafgaande hoofstuk dat sekere veranderinge en aanpassings wel nodig is om leemtes en tekortkominge aan te vul om sodoende die stelsel meer effektief te laat funksioneer.

Die volgende veranderinge en aanpassings soos reeds in hierdie hoofstuk bespreek, word genoem:

- i) duidelike en opsigtelike aanduiding indien kwotasie verlang word.
- ii) die opstel van 'n bokostestaat;
- iii) die berekening van 'n bokostetarief;
- iv) die aanpassing van pryse van die materiaal uit die bufferstoor;
- v) die gebruik van arbeidskoste alleen om die arbeidstarief te bereken;
- vi) die insluiting van bokoste by die rekeningkundige inskrywings.

Hoofstuk 6 word gebruik om die gevolgtrekkings te bespreek en ten slotte finale aanbevelings voor te lê.

HOOFSTUK 6

6.1 GEVOLGTREKKING EN AANBEVELING

Na die uiteensetting van die voorgestelde model word daar nou sekere gevolgtrekkings gemaak en die nodige aanbevelings voorgelê.

6.1.1 Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande studie in sy geheel is dit duidelike dat sekere leemtes en tekortkominge voorkom. Dit sal voordelig wees vir die maatskappy om die stelsel aan te pas en so leemtes en tekortkominge oorbrug.

6.1.1.1 Leemtes en Tekortkominge

- (i) Die kliënt toon nie op die werksbestelling of 'n kwotasie verlang word nie. Alle werksbestellings word direk aan die kostedepartement gelewer.
- (ii) Tans word daar nie van bokoste as 'n afsonderlike komponent, gebruik gemaak nie.
- (iii) Die pryse van materiaal uit die bufferstoor word aangepas na goeddunke van die voorman.
- (iv) Die totale begroting van 'n werkswinkel word gebruik in die berekening van die werkswinkel se arbeidstarief.

6.1.1.2 Voordele

Die voorgestelde model hou besliste voordele in.

- (i) Al die veranderinge dra sorg dat die stelsel beter vloei en dat dit ook rekeningkundig korrek is.
- (ii) Die aanpassing in die berekening van die arbeidstarief het tot gevolg dat die werkswinkelarbeidstarief meer mededingend is en gunstiger vergelyk met kontrakteurs se arbeidstariewe.
- (iii) Met die besorging van werksbestellings direk aan die werkswinkel, stel dit die voorman in staat om beter en doeltreffender daaglikse werksbeplanning op te stel.

Die wysigings en veranderings gaan gepaard met kostes omdat die huidige stelsel gerekenariseerd is.

Op hierdie stadium is die kostes verbonde aan die wysigings en veranderinge onbekend.

Met die huidige goudprys en toenemende styging in produksiekoste is dit te bewyfel of bestuur die koste verbonde aan veranderinge en wysigings tot die taakkostestelsel sal goedkeur.

Dit word verwag dat die aanbevelings in beginsel aanvaarbaar sal wees.

Dit is onwaarskynlik dat die aanbevelings in werking gestel sal word as gevolg van huidige omstandighede in die goudmynbedryf.

6.1.2 AANBEVELINGS

Daar word aanbeveel dat die onderstaande wysigings en veranderinge, soos ook reeds bespreek in die voorgestelde model in hoofstuk 5, oorweeg en aanvaar sal word.

6.1.2.1 Dokumentasie

Werksbestelling

1. Alle werksbestellings moet saam met die betrokke toerusting direk aan die werkwinkel gestuur word.
2. Die werkwinkelvoorman voltooi deel B en stuur dit aan die kostedepartment om die nodige gegewens in die rekenaar in te sleutel.

Bokostestaat

Omdat bokoste 'n belangrike komponent is van 'n taakkostestelsel, moet 'n bokostestaat opgestel word volgens die behoefte van bestuur wat sal inskakel by die huidige stelsel.

Figure 3.5 in hoofstuk 3 is 'n voorstelling van 'n moontlike bokostestaat.

6.1.2.2 Standaard tariewe en koerse

Buffer Store

Die persentasie toevoeging tot kostes van materiaal uit die bufferstoor moet soos volg hanteer word.

1. 'n Vaste persentasie moet bepaal word om
 - Oorhoofse kostes uit te sluit en
 - voorsiening te maak vir hanteringsfooi.
2. Die persentasie toevoeging deur bestuur bepaal word.

Arbeidstarief

Die kostes wat gebruik word om die arbeidstarief te bereken moet slegs uit arbeidskoste bestaan.

